LitNet Akademies Jaargang 22, Nommer 3, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n3b2

# ’n Bibliografiese bestekopname van Afrikaanse misdaadfiksie wat in die tydperk 2013–2022 uitgegee is

**Neil van Heerden**

Neil van Heerden, Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, Universiteit van Suid-Afrika

***Opsomming***

Die doel van hierdie ondersoek is om ’n bibliografie van oorspronklike Afrikaanse misdaadfiksie vir die tydperk 2013 tot 2022 saam te stel, en om vervolgens hierdie bibliografie as datastel te ontleed ten einde die aard en omvang van die eietydse misdaadfiksie te peil. In navolging van Venter (2006) word die artikel binne die kader van die empiriese (eerder as die hermeneutiese) benadering tot die literatuurwetenskap geplaas, met as spesifieke toepassingsterrein boekstudie en uitgewery-ondersoek. As sodanig sluit die studie ook tot ’n mate aan by Franco Moretti se idee van veraflees en Matthew Jockers se voorgestelde makro-analise van literêre tekste. Genre kom ter sprake, aangesien daar noodwendig ’n terminologiese keuse uitgeoefen moes word – in hierdie geval word misdaadfiksie as oorkoepelende superordinaat beskou met inbegrip van speur- en spanningsfiksie. Metodologies word daar gesteun op die werkswyse wat Venter (2006) ontwikkel het vir sy Produksiedatabasis van Afrikaanse Fiksie (1990–2005), maar vir die doeleindes van die huidige ondersoek word Venter se metodologie aangepas en afgespits op ’n enkele genre, dié van misdaadfiksie. Data-insameling, -sifting en -verifiëring is stelselmatig gedoen en die finale bibliografie in sigbladformaat verpak. ’n Verkorte weergawe word as bylaag by hierdie artikel ingesluit. Vervolgens word die bibliografie as datastel geïnterpreteer. Oorhoofse produksiepatrone word bespreek en ’n uitgeweryprofiel uiteengesit. Hierbenewens is ’n eksperimentele trefwoordontleding uitgevoer in ’n poging om die inhoudelike samestelling van die eietydse misdaadfiksie in breë trekke te karteer. Die artikel lewer ’n literêr-historiese bydrae deurdat die produksie van Afrikaanse misdaadfiksie in die betrokke tydperk stelselmatig geboekstaaf word en sodoende belangrike empiriese konteks verskaf vir letterkundiges en navorsers wat hulle met die genre bemoei. Moontlikhede vir verdere navorsing word ten slotte aangedui.

**Trefwoorde:** Afrikaanse letterkunde; bestekopname; bibliografie; boekstudie; empiriese literatuurwetenskap; fiksie; makro-analise; misdaadfiksie; produksieprofiel; spanningsverhaal; speurverhaal; trefwoordontleding; uitgewery-ondersoek; uitgeweryprofiel; veraflees

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n3b2

***Abstract***

**A bibliographic analysis of Afrikaans crime fiction published in the period 2013–2022**

This article presents an empirical study of Afrikaans crime fiction published from 2013 to 2022, offering a comprehensive bibliographic overview and analysis of the genre's production over the decade – a task not previously undertaken in any rigorous manner – in order to gauge more fully the nature and scope of contemporary Afrikaans crime fiction.

In line with this approach the study builds on Rudi Venter's (2006) methodology for mapping Afrikaans fiction output, but Venter's framework is adapted to focus on a single genre. It also engages with the theoretical concepts of Franco Moretti's *distant reading* and Matthew Jockers's *macroanalysis*, which advocate large-scale literary analysis to discern broader patterns and trends in literary studies. By adopting these paradigms the article treats the Afrikaans crime fiction corpus as a dataset to be "read" at scale rather than through close readings of a select few texts.

An important consideration in the research design is the classification of the genre itself. In this study the term *crime fiction* is regarded as an umbrella term covering *detective fiction* (*speur-verhale*) and *thrillers / suspense fiction* (*spanningsverhale*) under one superordinate category. The article briefly raises certain issues associated with genre definition, noting that publishers and booksellers often strategically use broad, vague categories for marketing purposes.

The research methodology involves extensive bibliographic data collection, curation and verification. Following Venter's approach, two primary bibliographic repositories were used: the National Library of South Africa (NLSA) and the National Afrikaans Literary Museum and Research Centre (NALN). Targeted searches were conducted in these repositories (with the assistance of library specialists where necessary) using the keywords *misdaad* (*crime*), *speur* (*detective*), and *spanning* (*suspense*) and their derivates to identify all relevant titles in this period. Results from the NLSA and NALN yielded a provisional list, which was then meticulously refined. Each title was cross-checked against secondary sources such as publishers' catalogues and websites, and bibliographic metadata was verified using Nielsen BookData.

This multi-step verification ensured that only original Afrikaans works were included: Translations, reprints / new editions, young adult and children's fiction, and non-fiction titles were excluded in line with the study's focus on first-edition adult crime fiction. In instances where a book's categorisation was uncertain, third-level sources – including press releases, book reviews, author profiles and bookseller listings – were consulted to confirm the work's eligibility and to gather any additional metadata. This verification process culminated in a final dataset of 267 unique titles.

The compiled bibliography (an abridged version of which is included as an appendix) captures each title along with pertinent metadata: publication year, author(s) or contributor(s), publisher/imprint, and any genre labels or descriptive keywords assigned in library records. Notably, genre and subject metadata was collected from multiple classification systems. These include NLSA genre labels and NALN keywords, as well as industry classification codes (BISAC and THEMA) from the Nielsen database. Gathering this information enabled a comparative look at how Afrikaans crime fiction has been categorised and thematically described in bibliographic systems.

Analysis of the dataset reveals several key findings and patterns. First, overall production output shows a generally upward trajectory from 2013, peaking in 2019 with a high of 37 new titles, before a sharp decline in 2021. The drop in 2021/2022 corresponds with the broader downturn in the book industry in the wake of the COVID-19 pandemic and associated lockdown measures, which disrupted publishing and sales. Despite this latter slump, steady production data confirms the genre's status as one of the most prolific and popular in contemporary Afrikaans prose.

A ranking of contributors by number of titles shows that a handful of authors were especially prolific: Rudie van Rensburg, for example, emerges as the most productive author with 12 titles to his name over the decade, averaging more than one book per year, followed by others like Chris Karsten and Madelein Rust with nine titles each. Many of these top contributors have established series with recurring detective characters, which appears to facilitate sustained output. Indeed, the study found that nearly half of all titles (approximately 45%) form part of a series. The prevalence of serialisation underscores a key feature of the genre: the enduring popularity of recurring protagonists and extended story arcs, which not only boosts author productivity and reader loyalty but offers an attractive prospect for potential publishers. About 27% of the 126 individual authors in the dataset debuted between 2013 and 2022, while many of the one-time contributors came from other literary spheres, indicating a pattern of established writers from other genres crossing over into crime fiction later in their careers.

In terms of author demographics, the study recorded each writer's gender and, where possible, age. The gender distribution among authors is roughly 57% male and 42% female (with a small remainder unknown), revealing that, perhaps contrary to popular belief, women are in fact central to the production of Afrikaans crime fiction. The age profile skews toward older adults – based on available information, the average age of authors in 2022 was around 59 years. There is no substantial age gap between male and female authors (both groups have a median age of about 60), which implies that Afrikaans crime novelists generally tend to embark on or peak in this genre in mid- to late career. Only three authors in this corpus used pseudonyms or pen names, suggesting that brand identity in Afrikaans crime fiction is typically tied to an author's real name.

Analysis of the publishing landscape for Afrikaans crime fiction over the decade reveals a concentrated but gradually diversifying market. A total of 23 different publishers (including imprints and self-publishing platforms) were involved in bringing out crime fiction titles in this period. Three large mainstream publishing houses dominate production, collectively accounting for roughly three-quarters (73%) of all titles: NB Publishers, LAPA Publishers, and Penguin Random House South Africa. NB Publishers alone (via its various imprints such as Human & Rousseau, Queillerie and others) produced the lion's share, followed closely by LAPA. Penguin Random House also made a notable contribution in the local Afrikaans market.

The fourth and fifth most prolific publishers were both independent Afrikaans presses – Malherbe Uitgewers with 34 titles (about 13% of the total) and Protea Boekhuis with eight titles – indicating that independent publishers have carved out a space to supply additional content, possibly catering to niche audiences or emerging authors. Furthermore, a non-trivial segment of publications (approximately 4% of the total) came through self-publishing services. This raises questions for further study about how publishing models (mainstream vs independent vs self-publishing) might influence the genre's development.

Beyond production and publishing numbers, the study delves into the thematic and formal composition of Afrikaans crime fiction through an experimental keyword analysis. By examining the 660 unique keywords assigned to books in the NALN archive and the genre tags used in the National Library's records (as well as industry codes like BISAC and THEMA), the research attempts to trace prevalent themes, settings, and content patterns.

Keyword frequency analysis indicates that certain themes recur frequently. For instance, keywords related to history and past conflicts appear often, suggesting that many Afrikaans crime narratives interweave elements of the country's traumatic past into their plots. This is consistent with a broader observation that Afrikaans crime fiction often delves into historical or societal themes. Geographical keywords also feature prominently, from local settings to international locales, painting a picture of a genre that, while rooted in South Africa, is spatially diverse. Meanwhile, lighter elements such as humour or satire are comparatively rare in the keyword spectrum, implying that the tone of Afrikaans crime fiction tends to be serious, gritty, or suspenseful rather than comical.

Moreover, classification codes offer insight into how the publishing industry tends to position crime fiction titles. Certain issues related to classification are noted, including its apparently arbitrary nature and inconsistencies across various categorisation systems. Nevertheless, the macro-level keyword analysis conducted here underscores the notion that contemporary Afrikaans crime fiction is quite a dynamic and diverse genre.

In conclusion, by compiling and examining this bibliography, the study demonstrates the merits of distant reading and provides empirical context to complement more traditional literary criticism: Looking at the bigger picture highlights patterns and raises new questions that individual textual analyses might overlook. It sheds light on how the genre has evolved in Afrikaans in recent years, underlining trends in output, authorship, publishing, and thematic focus, thereby contributing to a deeper understanding of the Afrikaans crime genre's place within the literary landscape.

Finally, the article points to several opportunities for further research building on this work. These include comparative studies (for instance, comparing trends in Afrikaans crime fiction with those in English South African crime fiction, or other popular genres such as romance over a similar period), as well as more focused case studies of specific authors and publishers.

**Keywords:** Afrikaans literature; bibliographic survey; bibliography; book studies; crime fiction; detective fiction; distant reading; empirical literary studies; fiction; keyword analysis; macro-analysis; production profile; publisher profile; publishing studies; suspense fiction

## 1. Inleiding

Misdaadfiksie en speur- en spanningsverhale word gesamentlik as een van die gewildste genres in die eietydse Afrikaanse prosa beskou (kyk o.m. Roos 2012 en Amid 2014), met talle suksesvolle skrywers, soos Deon Meyer, Karin Brynard, Rudie van Rensburg, Chris Karsten en Bettina Wyngaard (om enkeles te noem) en uitgewers wat geredelik in lesers se behoefte aan hierdie soort verhale voorsien (Roux 2015). Daar is ook tekens van groeiende akademiese belangstelling met 'n aantal nagraadse studies (o.m. Head (2013), Van Heerden (2017) en Ehlers (2023)) asook artikels in akademiese tydskrifte (kyk Hambidge (2012), Human en

Otto (2019) en Van der Waal (2017)) wat die afgelope aantal jare die lig gesien het. Ook in die populêre pers kry Afrikaanse misdaadfiksie heelwat aftrek, met resensies van die nuutste misdaadromans wat reëlmatig in boekeblaaie verskyn.

Die vonk vir die huidige ondersoek is ingegee deur ’n betreklik eenvoudige vraag: Ek wou naamlik probeer vasstel watter misdaadfiksietitels daar alles in die afgelope dekade in Afrikaans uitgegee is. Helaas kon ek egter geen sentrale hulpbron opspoor waar so ’n genrespesifieke lys van gepubliseerde Afrikaanse misdaadfiksietitels volledig bygehou word en geredelik in die openbare domein bekombaar is nie. Synde so ’n lewenskragtige en gewilde genre in Afrikaans, is dit des te meer verbasend dat daar klaarblyklik nie indringende navorsing gedoen word oor die produksiesyfers van misdaadfiksie in Afrikaans nie.

Teen hierdie agtergrond is die doel van die huidige ondersoek om bogenoemde hiaat te vul deur ’n bestekopname te maak van Afrikaanse misdaadfiksie vir die tydperk 2013 tot 2022. Dit behels in die eerste plek die samestelling van ’n uitvoerige bibliografie van alle oorspronklike Afrikaanse misdaadfiksie vir volwasse lesers wat tussen 2013 en 2022 verskyn het. Vervolgens dien hierdie bibliografie as datastel vir verdere ontleding en interpretasie. Die hoop is dat daar uiteindelik, aan die hand van sodanige bibliografie en interpretasie, ’n duideliker en vollediger beeld van die aard en omvang van die eietydse Afrikaanse misdaadfiksie na vore sal kom.

Ten einde hierdie doel te bereik, ontplooi die artikel soos volg: Daar word eerstens kortliks aandag geskenk aan sekere teoretiese aanknopingspunte waarby die studie aansluiting vind. In afdeling 3 word die spesifieke metodologie wat gevolg is by die samestelling van die bibliografie (opgeneem as bylaag) uiteengesit. In afdeling 4 word die bibliografie geïnterpreteer. Oorhoofse produksiepatrone word kwantitatief ontleed en ’n profiel van uitgewerye wat betrokke was by publikasie van Afrikaanse misdaadfiksie in die betrokke tydperk word aangebied. Daarbenewens is ’n trefwoordontleding uitgevoer in ’n poging om die inhoudelike- en tematiese samestelling van die genre in breë trekke te peil. Ten slotte word daar besin oor die studie se bevindinge, beperkinge en moontlikhede vir verdere ondersoek.

## 2. Teoretiese aanknopingspunte

### *2.1 Empiriese benadering tot die literatuurwetenskap*

Literatuurwetenskap is tradisioneel gerig op die hermeneutiese ontleding van tekste, waar dit hoofsaaklik gaan oor die interpretasie van die literêre teks (wat die teks “beteken”) en tot ’n mate ook evaluering (hoe “goed” of “belangrik” die teks is). Daar is egter ook ’n meer konteksgerigte paradigma waar weggestuur word van interpretasie en evaluering en gepoog word om die konteks waarbinne literêre tekste gestalte kry, empiries te belig. Eenvoudig gestel, staan die empiries-kontekstuele benadering tot die literatuurwetenskap dus teenoor die hermeneuties-analitiese benadering.

Volgens Fokkema en Ibsch (1992, aangehaal in Venter 2006:31) val die empiriese literatuurwetenskap op sy beurt in twee strominge uiteen: lesersgerigte ondersoeke (ook bekend as literatuurpsigologie) en institusionele ondersoeke (ook bekend as literatuursosiologie, waarby byvoorbeeld die resepsie-estetika aansluit). In laasgenoemde geval word die verskillende agente of rolspelers binne die literêre veld beskou as instellings (byvoorbeeld uitgewerye, die

literêre kritiek, literêre pryse, biblioteke, en dies meer). Dit is hierdie verskillende instellings wat meewerk aan die produksie, verspreiding, verbruik en evaluering van literêre tekste en wat uiteindelik bepaal watter waarde deur die betrokke taal- of kultuurgemeenskap aan sodanige tekste geheg word.

Die institusioneel-sosiologiese benadering tot literatuurwetenskap is sterk beïnvloed deur die denke van die sosioloog Pierre Bourdieu (1993) oor die kulturele veld waarbinne materiële en simboliese produksie van kultuurgoedere plaasvind. Die institusioneel-sosiologiese benadering tot literatuurwetenskap word verder gevoer in die werk van die teoretikus Itamar Even-Zohar (1990) wat literêre produksie beskou as ’n komplekse polisisteem bestaande uit die wisselwerking tussen verskillende subsisteme, agente en institusies.

Die bogenoemde teoretiese vertrekpunte vorm die agtergrond vir die huidige artikel, wat aansluit by die empiriese literatuurwetenskap eerder as die hermeneutiese tradisie. Hoewel die twee benaderings (eenvoudig gestel, teksgerigte en konteksgerigte benaderings tot die literatuurwetenskap) nie maklik te ontwar is nie – inteendeel, hulle moet liefs as wederkerig beskou – is die bydrae van die huidige ondersoek hoofsaaklik empiries van aard.

### *2.2 Boekstudie en uitgewery-ondersoek*

In navolging van Venter (2006) word die huidige navorsingsartikel binne die kader van empiriese literatuurwetenskap geplaas, met as spesifieke toepassingsterrein boekstudie en uitgewery-ondersoek. Dit gaan immers hier oor ’n bestekopname van die materiële produksie van literêre tekste (boeke) in ’n enkele genre (misdaadfiksie) deur bepaalde instellings (uitgewerye) oor ’n bepaalde tydperk (2013–2022).

Venter (2006:19) verduidelik dat boekstudie (ook bekend as boekgeskiedenis of geskiedenis van die boek)[1] ’n betreklik nuwe en interdissiplinêre studieterrein is waar daar gepoog word om die sosiale, kulturele en ekonomiese gevolge van die produksie, verspreiding, resepsie en verbruik van boeke en ander gedrukte media na te spoor (SHARP, aangehaal in Venter 2006:55). Boekstudie betrek ’n wye verskeidenheid vakgebiede, teoretiese benaderings en metodologieë, insluitende die uitgewerswese, biblioteekkunde, inligtingkunde, bibliografiese en leserstudies, asook letterkundige, teks- en resepsiestudies. Boekstudie is dus interdissiplinêr en hibridies. Uitgewery-ondersoek kan as ’n vertakking van boekstudie gesien word, waarin die sentrale vertrekpunt die produksie van boeke en spesifiek die uitgewery se rol daarin is.

Die wortels van boekstudie kan teruggevind word in die sogenaamde Nuwe Bibliografiese Skool rondom die begin van die 20ste eeu, waarna later ook verwys is as deskriptiewe of analitiese bibliografie, met Anglo-Amerikaanse eksponente soos McKerrow, Greg en Bowers (sien Venter 2006:56). Dié deskriptiewe en analitiese bibliograwe het pertinente vrae gestel oor byvoorbeeld die produksie van klassieke literêre tekste soos Shakespeare se vroegste gepubliseerde dramas. Van Vliet (2004) gee op sy beurt ’n oorsig van die ontwikkelingsgang van die moderne edisiewetenskap, wat sedert die 1940’s ’n eie teoretiese onderbou en praktyk ontwikkel het.

’n Nuwe rigting vir boekstudie is sedert die laat 1960’s aangedui deur Don McKenzie se bydrae oor die “sosiologie van die teks” (aangehaal in Venter 2006:61). McKenzie toon deur middel van empiriese navorsing uit primêre bronne aan dat boeke nie in afsondering verskyn nie, maar geproduseer word danksy die handewerk van ’n veelvoud agente in die proses, en dat dit binne ’n bepaalde sosiale en kulturele konteks geskied. McKenzie het ook die aandag gevestig op die

vernuwende ondersoekmetodes van die Franse Annales-skool, wat mettertyd sou uitkring en tot die Histoire du Livre-skool van die 1980's en 1990's sou lei. Jerome McGann (aangehaal in Venter 2006:61) bepleit die "sosialisering van tekste" en die bestaansreg van boekstudie as geldige navorsingsterrein.

Venter (2006) steun in 'n groot mate op die navorsing van Frank de Glas wat as baanbreker op die gebied van uitgewery-ondersoek beskou word. De Glas maak 'n sterk saak uit vir die sentrale rol wat uitgewerye speel in die produksie van boeke, en hy benut Bourdieu se veldteorie, spesifiek oor die wisselwerking tussen die materiële en simboliese produksie van literatuur. De Glas redeneer dat uitgewerye eintlik slegs deur middel van hul publikasielyste ondersoek kan word, en dit is dan ook waarop Venter sý kartering van die produksielandskap van Afrikaanse fiksie baseer. Venter se navorsing verskil egter van dié van De Glas, want waar De Glas klem lê op 'n skrywersoeuvre-perspektief, volg Venter 'n produksiekategorie-perspektief. Buiten die belangrike werk van De Glas, vermeld Venter ook die belang van die Tilburg-skool en veral mense soos Hugo Verdaasdronk (De Glas se eertydse studieleier) asook Kees van Rees op hierdie gebied.

Rudi Venter is 'n noemenswaardige navorser op die gebied van boekstudie en uitgewery-ondersoek in Afrikaans, tesame met sy eertydse studieleier, Francis Galloway. In sy proefskrif getiteld "Die materiële produksie van Afrikaanse fiksie (1990–2005) – 'n empiriese ondersoek na die produksieprofiel en uitgeweryprofiel binne die uitgeesisteem", dokumenteer en kategoriseer Venter noukeurig elke Afrikaanse fiksietitel wat in die tydperk 1990–2005 verskyn het. Die eindproduk[2] is 'n volledige Produksiedatabasis vir Afrikaanse Fiksie (PDAF) aan die hand waarvan hy dan 'n produksieprofiel saamstel waaruit die omvang en interne samestelling van die Afrikaanse fiksiebedryf blyk, asook 'n uitvoerige uitgeweryprofiel met al die tersaaklike uitgewerye wat betrokke was by die produksie van Afrikaanse fiksie in dié tydperk. Insiggewend is veral Venter se interpretasie van die data en sy bespreking van hoe die Afrikaanse uitgewersbedryf in dié tyd onder groot druk verkeer het weens verskeie makro-ekonomiese faktore, maar uiteindelik daarin geslaag het om aan te pas en te oorleef.

Van spesifieke belang vir die huidige ondersoek is die werkswyse wat Venter gevolg het by die samestelling van sy PDAF. Hy steun naamlik op bepaalde bronne vir die insameling van bibliografiese data. Eerstevlakbronne behels hoofsaaklik die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek (SANB) en die Nasionale Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) se onderskeie bibliografiese databasisse. Die data is noukeurig geverifieer met behulp van verskeie tweedevlakbronne (hoofsaaklik uitgewerykatalogusse) en derdevlakbronne (soos boekhandelaars se webtuistes, boekklubs se nuusbriewe, resensies en dies meer) (Venter 2006:441–3). Venter ontwikkel ook 'n kategoriseringstelsel om alle rekords in die datastel volgens produksiekategorieë te orden.

In die jongste uitgawe van *Perspektief en profiel* sit Galloway en Venter (2016) hierdie werk voort met 'n omvangryke perspektief op "Die Afrikaanse uitgeebedryf" waarin hulle 'n oorsig bied op die tydperk 2006–2012 aan die hand van uitgewerye se publikasielyste. Ook Kleyn se 2013-proefskrif ("'n Sisteemteoretiese kartering van die Afrikaanse literatuur vir die tydperk 2000–2009: kanonisering in die Afrikaanse literatuur") is 'n noemenswaardige voortsetting van boekstudie en uitgewery-ondersoek in Afrikaans. Benewens Galloway en Venter (2016) en Kleyn (2013) word daar egter betreklik min navorsing op die gebied van boekstudie en uitgewery-ondersoek in Afrikaans gedoen.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n3b2

### *2.3 Veraflees en makro-ontleding*

Die huidige ondersoek is ten dele geïnspireer deur Franco Moretti se seminale essay "Conjectures on world literature", wat oorspronklik in *New Left Review* verskyn het (Januarie–Februarie 2000) en later in die versameling *Distant reading* (2013) opgeneem sou word. In hierdie essay sit Moretti aanvanklik sy idee van "veraflees" uiteen.

Moretti bespeur 'n basiese uitdaging ten opsigte van die letterkunde as vakgebied: Daar is reeds duisende literêre werke uitgegee en die getalle neem elke jaar met rasse skrede toe. Prakties gesien, is dit gevolglik 'n onbegonne taak vir die individuele letterkundige om ál die bestaande literêre tekste in sy of haar leeftyd grondig te bestudeer. Wanneer iemand dus sê hulle bestudeer 'n letterkundige tradisie soos "die Afrikaanse letterkunde" of, in Moretti se geval, "Western European narrative texts", bedoel hulle in werklikheid dat hulle maar 'n bepaalde breukdeel daarvan bestudeer. (Uiteraard is hierdie uitdaging des te meer knellend vir die vergelykende letterkundige wat poog om verskillende nasionale letterkundige tradisies onder die loep te neem.)

Die probleem met tradisionele hermeneutiese en stipleesbenaderings tot die letterkunde, hetsy byvoorbeeld die New Criticism of dekonstruksie, is volgens Moretti dat daar noodwendig aan 'n betreklik klein aantal tekste aandag geskenk word. Stiplees word dus 'n byna teologiese oefening waarvolgens 'n soort kanon van uitgesoekte tekste (tekste wat implisiet "die moeite werd" is om te bestudeer) tot bevoorregte status verhef word: "You invest so much in individual texts only if you think that very few of them really matter" (Moretti 2013:42). Indien literatore egter die letterkunde in sy geheel, of ten minste op groter skaal, wil bejeën, is dit noodsaaklik dat daar 'n tree terug gegee word. Só motiveer Moretti dan sy voorgestelde paradigmaverskuiwing:

> Distant reading: where distance, let me repeat it, *is a condition of knowledge*: it allows you to focus on units that are much smaller or much larger than the text: devices, themes, tropes – or genres and systems. And if, between the very small and the very large, the text itself disappears, well, it is one of those cases when one can justifiably say, less is more. If we want to understand the system in its entirety, we must accept losing something. We always pay a price for theoretical knowledge: reality is infinitely rich; concepts are abstract, are poor. But it's precisely this "poverty" that makes it possible to handle them, and therefore to know. This is why less is actually more. (Moretti 2013:43, oorspronklike kursivering)

Die wêreldletterkunde vandag, en die letterkunde in die algemeen, is 'n groeiende en omvangryke "planetêre stelsel", aldus Moretti. Só gesien, is die letterkunde dus nie 'n studieobjek as sodanig nie, maar 'n probleem – 'n probleem wat vra om 'n nuwe metodologiese benadering, want, sê Moretti, om bloot meer en meer boeke te lees is nie die oplossing nie: "The literature around us is now unmistakably a planetary system. The question is not really what we should do – the question is *how*. Reading 'more' is always a good thing, but not the solution. [...] What we really need is a little pact with the devil. We know how to read texts, now let's learn how *not* to read them" (2013:40–3, oorspronklike kursivering).

Matthew Jockers se *Macroanalysis: digital methods and literary history* (2013) sluit konseptueel aan by Moretti se idee van veraflees deurdat hy 'n soort makro-ontleding voorstel waarvolgens literêre tekste nie bloot afsonderlik gestiplees word nie, maar as deel van 'n grootskaalse korpus empiries ondersoek word om breë patrone en tendense in die literêre stelsel

bloot te lê. Sy metodologie bou voort op bestaande, rekenaarmatige benaderings tot "groot data" in die geesteswetenskappe en is geskoei op digitale, statistiese, stilometriese en korpusgebaseerde ondersoeke. Hiermee bied Jockers deels ’n antwoord op Moretti se pleidooi vir ’n veraflees-perspektief in die literatuurwetenskap.

Eers met die onlangse beskikbaarheid van groot digitale tekskorpora en voldoende rekenaarverwerkingskrag, meen Jockers, het ’n werklik omvattende veraflees moontlik geword – iets wat nuwe navorsingsvrae ontsluit en ’n nuwe metodologiese denke verg. Makro-ontleding kan byvoorbeeld sistematies aantoon hoe stilistiese en tematiese patrone, of selfs literêre invloednetwerke, oor honderde tekste heen funksioneer. Sulke insigte is moeilik te bekom deur die blote stiplees van individuele tekste, en illustreer waarom makro-ontleding volgens Jockers ’n noodsaaklike aanvulling tot tradisionele letterkunde-ondersoeke is.

Nuwe teoretiese paradigmas, sê Moretti (2013:41), vereis altyd ’n konseptuele sprong: "[T]hey need a leap, a wager – a hypothesis, to get started." Die huidige ondersoek kan as so ’n eksperimentele sprong in die gees van Moretti se verafleesparadigma en ’n konkrete toepassing van Jockers se makro-ontleding-benadering beskou word. Deur die volle korpus van Afrikaanse misdaadfiksie in die dekade 2013–2022 onder die loep te neem, eerder as om slegs ’n handjievol tekste uit te sonder, neem dié navorsingsprojek ’n verafleesperspektief in wat daarop gemik is om breë patrone en tendense in die eietydse Afrikaanse misdaadfiksie te karteer. Dit geskied aan die hand van ’n kwantitatiewe ontleding van die tersaaklike metadata en die frekwensie en verspreiding van spesifieke genreklassifikasies en trefwoorde.

Dit is wel belangrik om daarop te wys dat hoewel Moretti aanvanklik taamlik uitgesproke was oor die noodsaaklikheid van veraflees as ’n plaasvervanger vir stiplees, daar mettertyd ook meer genuanseerde beskouings geopper sou word, soos dié van Salmi (2024), waarvolgens veraf- en stiplees eerder as aanvullende benaderings beskou word. Dit is ook die standpunt wat ek huldig.

### *2.4 Genre*

Die kwessie van genreterminologie is ’n netelige saak, veral wanneer daar gepoog word om ’n genrematige bibliografie soos hierdie saam te stel, want die trefwoorde waarvóór en waartéén gekies word, bepaal immers watter tekste in- en uitgesluit word. Die term *misdaadfiksie*, soos aangedui in die titel van die artikel, is ’n sleutelterm en bring uiteraard die kwessie van *genre* te berde. Dit is derhalwe nodig om enkele probleme uit te lig met betrekking tot genre-etikette en te verklaar hoe die term *misdaadfiksie* in hierdie artikel gebruik word.

Hoewel misdaadfiksie sedert Julian Symons se seminale studie, *Bloody murder* (1972), as ’n literêre genre uit eie reg beskou word, oorvleuel dit met verskeie ander genres insluitende speurverhale, rillers, raaiselverhale (*mystery*), avontuurverhale, spioenasiefiksie, ens. Wilbur Smith se romans is ’n goeie voorbeeld van hierdie soort genre-oorvleueling, want sy boeke word selde as "suiwer" misdaadfiksie bestempel, en meer geredelik as avontuurverhale of dramatiese familiesages. Die etikette wat gebruik word om boeke volgens genre in te deel, het op hul beurt te make met die wyse waarop fiksie in die praktyk verpak, bemark en geklassifiseer word.

Volgens Le Roux (2013:138) is *mystery/detective fiction* of bloot *crime fiction* die breë noemers wat gewoonlik deur uitgewers en boekhandelaars gebruik word om misdaadfiksie te klassifiseer, terwyl *suspense/thrillers* ’n verwante maar afsonderlike kategorie is. In die Verenigde Koninkryk en Suid-Afrika gebruik Nielsen Bookscan ’n selfs breër kategoriebenaming wanneer hulle boekdata versamel, naamlik *crime, thrillers & adventure*.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n3b2

Die gebruik van hierdie breë-kategorie-benamings in die boekbedryf is ’n doelbewuste strategie, soos wat Matzke en Mühleisen (2006:2) aandui, maar dit lei dikwels tot verwarring en vervaging. Die teoretiese verskille wat deur akademiese navorsers uitgepluis word tussen byvoorbeeld speur-, misdaad-, raaisel- en spanningsverhale, en die selfs fynere nuanseverskille tussen verskillende tipes speurverhale, word dus óf vervaag óf heeltemal uitgevee deur uitgewers en boekhandelaars se bemarkingstrategieë wat poog om soveel lesers as moontlik te lok. Dove (1997:1) verduidelik: “[If] in the mind of the reading public the detective story merges with spy fiction and science fiction, because all are mysteries”, dan is dit tot uitgewers en boekhandelaars se voordeel om hul boeke so wyd as moontlik te kategoriseer, want dit is inderdaad die grootte van die gehoor wat die publikasie van populêre- of kommersiële fiksie dryf. Binne die uitgewerswese, verduidelik Le Roux (2013:138), is die praktiese gevolg hiervan dat lesers se verwagtinge van ’n bepaalde genre, soos misdaadfiksie, omgesit word in ’n stel herkenbare konvensies rondom boektitels, omslagontwerpe, flaptekste (*blurbs*), bemarking en reklame – alles in ’n poging om verkope te maksimeer. Misdaadfiksie is dus “pre-eminently commercial, conventional and competitive” (Le Roux 2013:138).

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word *misdaadfiksie* as sambreelterm beskou vir alle fiksionele (verhalende) tekste waarin ’n bepaalde misdaad (of ten minste die skyn van misdaad) en/of die ondersoek daarvan sentraal staan ten opsigte van die ontplooiing van die intrige. Niefiksietekste wat as “feitelik” of “’n ware verhaal” voorgehou word, is dus nie ter sake nie. Só gesien, kan die volgende subgenres almal onder die breë noemer *misdaadfiksie* ressorteer: speurverhale, spanningsverhale, raaiselromans, rillers, polisieprosedurefiksie, moord- en reeksmoordenaarfiksie, noir (huishoudelik en andersins) en hardgebakte speurverhale. Genreklassifikasies is egter ingewikkeld en oorvleuel dikwels, soos reeds beklemtoon. Daarom word dit as vanselfsprekend aanvaar dat tekste met bepaalde misdaad-, speur- of spanningselemente ook bestanddele van ander genres kan bevat, byvoorbeeld romanse. Mengvorme is dus aan die orde van die dag, ook in die ingeslote bibliografiebylaag, maar die titels wat wel opgeneem is, bevat almal op een of ander wyse ’n deurslaggewende misdaadfiksie-element.

Aangesien uitgewers en boekhandelaars hul kategorisering van misdaadfiksietekste doelbewus breed en vaag hou om soveel lesers as moontlik te lok, moet daar by die samestelling van ’n bibliografie soos hierdie noodgedwonge ’n verdere terminologiese keuse uitgeoefen word. Die drie genre-etikette of trefwoorde waarop besluit is, is *misdaad* (met inbegrip van *misdaadfiksie* en *misdaadverhale*), *spanning* (met inbegrip van *spanningsfiksie* en *spanningsverhale*), en *speur* (met inbegrip van *speurfiksie* en *speurverhale*). Hierdie drie gekose trefwoorde en hul genoemde verwante terme stem breedweg ooreen met Nielsen se oorhoofse kategorisering *crime*, *thrillers* en *adventure*, en behoort gesamentlik ’n redelik volledige beeld van dié genre in Afrikaans te gee.

Natuurlik is dit moontlik dat daar steeds bepaalde hiate in die datastel kan bestaan, en dat ander trefwoorde uiteraard ander soekresultate sou kon oplewer en gevolglik ’n bibliografie wat ietwat anders daar uitsien, maar weer eens: Een of ander terminologiese keuse was onvermydelik vanweë die uiteenlopende en oorvleuelende etikette wat daar in die uitgewerswese gebesig word. Trouens, in ’n sekere sin kan géén letterkundige ondersoek wat op ’n spesifieke genre afgestem is, hierdie probleem vryspring nie, want wanneer ook al *genre* ter sprake kom, impliseer dit reeds ’n kunsmatige kategorisering wat op in- en uitsluiting berus.

Laastens, ’n opmerking ten opsigte van genrehiërargieë: Daar word in die huidige artikel geen onderskeid getref tussen sogenaamde populêre en literêre misdaadfiksie nie. Soos Venter (2006:462), word daar trouens sover as moontlik weggestuur van enige subjektiewe waardeoordele of hiërargiese indelings (“goed” of “sleg”, “hoog” en “laag”, “populêr” teenoor “literêr”). Daar word bloot gepoog om elke tersaaklike misdaadfiksietitel wat in die betrokke tydperk in Afrikaans verskyn het, te boekstaaf.

## 3. Metodologie

Die huidige ondersoek steun sterk op die metodologie wat Venter (2006) ontwikkel het, maar waar Venter ten doel gehad het om die ganse Afrikaanse fiksielandskap tussen 1990 en 2005 te karteer, is hierdie ondersoek afgespits op ’n enkele genre, dié van misdaadfiksie. Gevolglik is Venter se metodologie effens aangepas. Die metodologie wat gevolg is by die samestelling van die bibliografiese datastel soos opgeneem as bylaag by hierdie artikel, word vervolgens hier uiteengesit.

### *3.1 Afbakening*

Om die omvang van die ondersoek te begrens en uiteindelik ’n hanteerbare datastel te bou, is die volgende parameters gehandhaaf. Eerstens, bevat die bibliografie slegs Afrikaanse publikasies wat binne die grense van Suid-Afrika uitgegee is. Die tydperk van ondersoek is 1 Januarie 2013 tot 31 Desember 2022, ’n periode van tien jaar. Die aanvangsjaar (2013) is gekies deels omdat dit volg op Galloway en Venter (2015) se oorsig in *Perspektief en profiel* wat strek tot aan die einde van die kalenderjaar 2012. Slegs oorspronklike fiksiewerke in Afrikaans is oorweeg, dus geen niefiksie en geen vertaalde werk nie. Aangesien hierdie bestekopname ten doel het om die produksie van oorspronklike Afrikaanse misdaadfiksie na te speur, is daar besluit om slegs na eerste uitgawes te kyk – geen heruitgawes nie. Alhoewel daar ’n groeiende aanbod kinder- en jeuglektuur in dié tydperk in die misdaadgenre voorkom (voorbeelde sluit Elizabeth Wasserman se gewilde Speurhond Willem-reeks en Nerine Ahlers se Rietrotte-reeks in, asook verskeie jeugboeke deur Fanie Viljoen), is die huidige bibliografie toegespits op volwassenefiksie, dit wil sê publikasies wat op volwasse lesers gerig is. Laastens is daar geen onderskeid tussen verskillende boekformate getref nie. Titels wat slegs as e-boek uitgegee is, is dus nie uitgesluit nie, maar elke item in die bibliografie moes oor ’n unieke ISBN beskik om oorweeg te word.

Soos reeds in afdeling 2.3 verduidelik, kan genre-indelings problematies wees, maar vir die doeleindes van hierdie bibliografie is daar, soos reeds vermeld, besluit op die drie trefwoorde wat hier bo genoem is (*misdaad*, *spanning* en *speur*) en wat gesamentlik, met inbegrip van hul genoemde verwante terme, ’n betreklik verteenwoordigende beeld van die genre behoort te gee.

### *3.2 Data-insameling, sifting en verifiëring*

Om te bepaal watter misdaadfiksietitels in die tydperk 2013–2022 uitgegee is, is daar gebruik gemaak van twee eerstevlakbronne, naamlik die bibliografiese databasisse van onderskeidelik die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek (SANB), waarvan die hooftak in Pretoria geleë is, en die Nasionale Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) in Bloemfontein. Die besluit om op die SANB en NALN te steun vir primêre bibliografiese data, is deels in navolging

van Venter (2006) wat ’n soortgelyke werkswyse gevolg het. Die SANB en NALN is sinvolle vertrekpunte, omdat hierdie twee instellings statutêr getaak is met die bewaring van bibliografiese rekords van gepubliseerde werke in Suid-Afrika. Kragtens die Wet op die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika (Suid-Afrika 1998), het die SANB die volgende mandaat: “to collect and preserve published documents and make them accessible to all; ensuring that knowledge is not lost to posterity”. Kernfunksies van die SANB sluit derhalwe in die lewering van ’n nasionale bibliografiese diens en om as nasionale bibliografiese agentskap op te tree (SANB s.j.). Daarteenoor funksioneer NALN as ’n onderdeel van die Vrystaatse Departement van Sport, Kuns, Kultuur en Ontspanning en is dit gemoeid met die behoud van bepaalde kulturele erfgoed, spesifiek die Afrikaanse literêre, musiek-, toneel- en teatererfenis (Vrystaatse Departement van Sport, Kuns, Kultuur en Ontspanning s.j.).

Die eerste stap in die samestelling van die bibliografie was dus ’n reeks data-onttrekkings vanuit NALN en SANB se databasisse aan die hand van die drie gekose trefwoorde en hul verwante terme. Die SANB se katalogus is in die openbare domein, en aanlyn beskikbaar via WorldCat.org. Soektogte kon dus stelselmatig deur die navorser self uitgevoer word vanaf Mei tot Junie 2023, met latere aanvullings in Augustus en Oktober 2023. Vir die soektogte op die SANB se aanlyn katalogus is die Engelse ekwivalente *crime* (met inbegrip van *crime novel* en *crime fiction*), *detective* (met inbegrip van *detective novel* en *detective fiction*) en *suspense* (met inbegrip van *suspense novel* en *suspense fiction*) gebruik. In die geval van NALN is die katalogus nie in die openbare domein nie, maar data-onttrekkings is gedoen met behulp van die inligtingspesialis Lacia Viljoen wat die soekresultate elektronies met my gedeel het in die loop van Maart 2023. ’n Tweede reeks data-onttrekkings is met behulp van Annelien Diedericks gedoen tydens ’n besoek aan NALN in Augustus 2023.

Ná die aanvanklike data-onttrekkings uit die SANB en NALN is elke rekord nagegaan en geverifieer met behulp van tweedevlakbronne. Eerstens is rekords nagegaan in uitgewerye se katalogusse, en waar beskikbaar, meestal aanlyn via die uitgewer se amptelike webtuiste. Elke rekord is dan ook gekruisverifieer met die gegewens soos vervat in Nielsen BookData se aanlyn databasis. Nielsen BookData lewer ’n inligtingsdiens aan biblioteke, uitgewers en boekhandelaars waarvolgens bibliografiese metadata op groot skaal versamel en beskikbaar gestel word via ’n aanlyn soekplatform (Nielsen s.j.). Nielsen BookData word besit en bedryf deur NielsenIQ, ’n maatskappy wat in die Verenigde Koninkryk gebaseer is, maar met kantore in verskeie lande, insluitende Suid-Afrika. Die tersaaklike metadata (insluitende die ISBN, publikasiedatum, fisiese beskrywing en prys) is dus met behulp van Nielsen BookData geverifieer.

Tydens hierdie verifiëringstap is elke rekord terselfdertyd nagegaan om seker te maak dit voldoen wel aan die nodige parameters van die bestekopname (kyk 3.1). Alle vertaalde werk, heruitgawes, kinder- en jeugfiksie, en niefiksie is tydens hierdie stap uit die datastel verwyder.

Derdevlakverifiëring is gedoen as deel van ’n poging tot groter volledigheid en akkuraatheid van die metadata in die onderhawige bibliografie. Waar daar nóg enige gapings in die metadata bestaan het, of onsekerheid ten opsigte van die presiese aard van ’n betrokke titel (en of dit wel tot die kategorie misdaadfiksie gereken behoort te word), is verdere verifiëring met behulp van derdevlakbronne gedoen. Derdevlakbronne sluit persverklarings, resensies en resensie-artikels, boekforums (webtuistes soos Goodreads), skrywersprofiele (soos LitNet se ATKV-skrywersalbums), en boekhandelaars (soos Graffiti, Amazon en Takealot) se webtuistes in. Indien daar bevind is dat ’n titel nie aan die parameters van hierdie ondersoek voldoen nie, is dit uit die datastel verwyder.

In uitsonderlike gevalle is daar tydens die siftings- en verifiëringsproses afgekom op titels wat nóg in NALN nóg in SANB se soekresultate figureer. Dit het byvoorbeeld in enkele gevalle gebeur waar titels selfuitgegee is, of as die boek betreklik onlangs uitgegee is en die uitgewer nog nie pliglewering nagekom het nie. Sulke ad hoc-byvoegings is diskresionêr deur die navorser gedoen. Voorbeelde sluit in Quintus van der Merwe se *Om te lewe, om te sterwe* (Naledi, 2022), Chanette Paul se *Murasie* (LAPA, 2022), Elsa Hamersma se *Bloedfamilie* (LAPA, 2020) en Steve Hofmeyr se *Die kwesbares* (Zebra Press, 2020) wat telkens nie op die SANB óf NALN se katalogus verskyn het nie, maar wel op dié van Nielsen. Titels wat geensins geverifieer kon word nie, en derhalwe uitgesluit is, is *Die bedrieër* deur Pieter Saayman (selfuitgegee), *Renosterspruit 2* en *Renosterspruit 3* deur Leon Cornelius, en *Help, Pa* deur Xavier Julius (al drie laasgenoemde titels deur Mar-Leo Publiseerders uitgegee).

### *3.3 Versameling van genre-etikette en trefwoorde*

Terwyl die eerstevlakdata ingesamel is, is die verskillende genre-etikette en trefwoorde wat aan elke titel toegeken is, ook aangeteken. Vier kategoriserings- en klassifikasiestelsels ("kat en klas"-stelsels) het betrekking: die BISAC- en THEMA-klassifikasiekodes soos onderskeidelik aan elke titel toegewys volgens die Nielsen-databasis; trefwoorde wat deur NALN-argivarisse aan titels toegeken toegewys is; en genre-etikette soos toegewys deur SANB-bibliotekarisse.

BISAC, ’n akroniem vir Book Industry Standards and Communications, is ’n internasionaal aanvaarde koderingskema wat deur die Book Industry Study Group (BISG) bedryf word. BISAC-kodes bied aan skrywers, uitgewerye, agente en boekhandelaars ’n eenvormige stelsel waarvolgens boeke gekategoriseer kan word (BISG 2024). Die feit dat BISAC jaarliks deur die BISG bygewerk word, beteken dat kodes tred hou met nuwe verwikkelinge in die uitgewerswese (Lulu Press s.j.).

Naas BISAC is THEMA ’n bekende klassifikasieskema wat wyd deur die boekbedryf ingespan word. THEMA is in 2012 by die Frankfurtse Boekefees geloods met die doel om ’n wêreldwye, meertalige norm daar te stel: "The goals of the scheme are to reduce the duplication of effort required by the many distinct national subject schemes, and to eliminate the need for scheme-to-scheme mapping that inevitably degrades the accuracy of classification, by providing a single scheme for broad international use. It can be used alongside existing national schemes like BIC, BISAC, NUR or CLIL, and although this is not a primary goal, it has the potential to eventually replace them" (Editeur s.j.). Vir elke titel in die datastel is die aangewese BISAC- en THEMA-kodes met behulp van Nielsen BookData se aanlyn platform versamel.

Wanneer nuwe rekords by NALN gekatalogiseer word, ken inligtingspesialiste eerstens ’n Dewey desimale raknommer daaraan toe, en dan word daar ook ’n aantal beskrywende trefwoorde aan elke rekord toegevoeg. Dié trefwoorde kan dui op die betrokke genre (byvoorbeeld spanningsverhale of wetenskapfiksie), die plek of ruimte waar die betrokke verhaal afspeel (byvoorbeeld Berlyn of Kaapse Vlakte), of bepaalde tematiese aspekte (soos dwelms of renosterstropery), en is veral nuttig wanneer dit by breë soektogte kom. NALN se trefwoorde beloof dus om verdere lig te werp op die interne samestelling van misdaadfiksietitels binne die huidige datastel.

Altesaam 660 NALN-trefwoorde kom in die datastel voor, waarvan 178 uniek is. Om dié groot aantal trefwoorde meer hanteerbaar te maak, en ten einde meer sinvolle inhoudelike patrone daaruit af te lees, het ek hulle diskresionêr gegroepeer volgens tipe. Die 23 trefwoordgroepe is soos volg saamgestel:

**Tabel 1. Groepering van NALN-trefwoorde in die datastel**

| Groepering | | Trefwoorde |
|---|---|---|
| 1. | Algemene genremerkers | antiheld; avontuur; kortverhale; misdaad; misdaadverhale; rillers; spanningsverhale; speurverhale; strokiesprente; televisiedramas |
| 2. | Polisiebetrokkenheid | Kaiserliche Landespolizei; oudpolisieman; polisie; Valke |
| 3. | Omgewing en ekologie | bewaring; brand; haaie; jag; katte; omgewing; renosterstropery; vissers; wild; wildtuin |
| 4. | Historiese aspekte | 1990; Anglo-Boereoorlog; apartheid; argeologie; Duits-Suidwes-Afrika; geskiedenis; geskiedkundige verhale; Grensoorlog; historiese romans; Kruger-miljoene; Nazi's; Nuwe Suid-Afrika; trekboere; Tweede Wêreldoorlog |
| 5. | Geografiese merkers – plaaslik | Brandberg; Colesberg; Gauteng; Hermanus; Johannesburg; Kaap; Kaapse Vlakte; Kaapstad; Kalahari; Karoo; Knysna; Natal; Oos-Kaap; Suid-Afrika; Vrystaat |
| 6. | Geografiese merkers – transnasionaal | Afrika; Angola; Berlyn; Duitsland; Indië; Italië; Mauritius; Mosambiek; Namibië; Rusland; treinritte |
| 7. | Finansiële misdaad | bedrog; finansies; geld; korrupsie; rykes; smokkelary; staatskaping; weelde |
| 8. | Identiteitsmerkers | Afrikaneridentiteit; Afrikaners; boere; bruinmense; gay; homoseksualiteit; Kaaps; wynboere |
| 9. | Sielkunde en geestesprobleme | boosheid; depressie; geheueverlies; onderbewussyn; pedofilie; sadisme; sielkunde; sielkundige; wraak |
| 10. | Humor en satire | humor; satire |
| 11. | Seksuele en geweldsmisdaad | bejaardemishandeling; geweld; kinders; marteling; plaasaanvalle; seks; selfverdediging; vroue |
| 12. | Maatskaplike probleme | armoede; bendes; dwelms; mensehandel; ontvoering; slawe; slawerny; vermistes; tronke; tronklewe |
| 13. | Interpersoonlike verhoudings | familie; gesinsverhoudings; huwelik; intrige; menseverhoudings; tweelinge; vergifnis; verlies; versoening; vriendskap |
| 14. | Wetlike aspekte | doodstraf; genadedood; geregtigheid; hofsake; regspleging; regte |
| 15. | Bonatuurlike elemente | heldersiendheid; spoke; vrymesselaars |
| 16. | Romantiese elemente | liefde |
| 17. | Spioenasie en politiek | ANC; BBP-Beskermingseenheid; geheime; geheimediens; kernwapens; lyfwagte; politiek/e; spioenasie; spioenasie-verhale; weermag |
| 18. | Distopie en wetenskapfiksie | distopie; futurisme; oorlewing; toekomsfantasie; wetenskapfiksie |
| 19. | Media en tegnologie | internet-entrepreneur; joernalistiek; koerante; media; rekenaars; webwerf |
| 20. | Moord en reeksmoorde | dood; moord; moordbendes; moordenaars; reeksmoorde; reeksmoordenaars |

| Groepering | | Trefwoorde |
|---|---|---|
| 21. | Religie en kerk | Christelike; kerk; predikante |
| 22. | Gesondheid en medies | doktersverhale; koors; koronavirus; stamselnavorsing; tandarts |
| 23. | Sport, kuns en kultuur | kos; kruie; kunsdiefstal; kunsgalery; La Dolce Vita; liggaamsbou; mitologie; musiek; musikante; nagklubs; opera; rugby; skilder; speletjies |

Laastens is daar ook die genre-etikette wat deur die SANB aan individuele titels toegeken is, aldus die SANB se aanlyn katalogus. Alle NALN-trefwoorde en SANB-genre-etikette in die datastel is een vir een aangeteken, getel en volgens frekwensie gerangskik. Resultate met betrekking tot genre-etikette en trefwoorde in die datastel word in afdeling 4.3 volledig toegelig.

### *3.4 Ander metadata*

Ander tersaaklike metadata, soos die gender en ouderdom van skrywers in die datastel, is tydens die data-insamelings en -verifiëringsproses bepaal met behulp van derdevlakbronne en op grond van die betrokke persone se beskikbare biografiese gegewens in die openbare domein. Waar nodig, is gender afgelei van die persoon se naam en/of voornaamwoorde en ouderdomme op grond van ’n persoon se openbare sosialemediaprofiele. Die implikasies van hierdie demografiese metadata word verder in afdeling 4.1 bespreek.

### *3.5 Ordening en verpakking*

Soekresultate is stelselmatig in ’n Excel-sigblad ingevoer en gekompileer, en die metadata per kolom gerangskik volgens die velde Skrywer; Titel; Subtitel; Skuilnaam; Gender; Geboortejaar (waar beskikbaar); Versameling; Aantal skrywers/medewerkers; Ander titel (indien van toepassing); Vertaling; Jaar van publikasie; Datum van publikasie; Uitgawe; Plek van publikasie; Uitgewer; Druknaam; Selfuitgegee; Reeks; Debuut; Ongewoon (indien van toepassing); Kinder- en jeugfiksie; Fisiese beskrywing; ISBN13 (sagteband); Prys; ISBN13 (e-boek); ISBN13 (hardeband); Opsomming; Skrywer-bio; Notas; Eerstevlakbron: NALN; NALN: Dewey-klas; NALN-trefwoord; Eerstevlakbron: SANB; SANB-genre; Tweedevlakbron; Derdevlakbron; Derdevlakbron (vervolg); Nielsen: THEMA-kode; Nielsen: BISAC-kode. Hierdie metadata is gebruik vir die ontleding en interpretasie van die datastel, soos in afdeling 4 hier onder bespreek. Die volledige meesterlys is beskikbaar op versoek, maar vir die doeleindes van hierdie artikel word slegs ’n verkorte tabel as bylaag ingesluit.


## 4. Interpretasie

Vervolgens kan die bibliografie as datastel geïnterpreteer word. Die interpretasie van die datastel geskied breedweg in twee dele. Eerstens word die oorhoofse produksiestatistiek wat die datastel opgelewer het, bespreek, gevolg deur ’n uiteensetting van die betrokke uitgewers en drukname wat aktief was in die genre, asook hul proporsionele bydrae tot die produksie van Afrikaanse misdaadfiksie van 2013 tot 2022. Tweedens word die verskillende trefwoorde wat aan die titels in die datastel toegeken is – wat in die biblioteekwese bekend staan as “kategorisering en klassifisering” of bloot “kat en klas” – kwantitatief ontleed. Deur sodanige

trefwoordontleding kan voorlopige afleidings gemaak word oor die inhoudelike samestelling van Afrikaanse misdaadfiksie in die onderhawige dekade.

### *4.1 Oorhoofse produksiepatrone*


Die finale datastel bevat 267 unieke titels, deur altesaam 126 skrywers en medewerkers. Dit sluit 115 enkelskrywers, 2 medeskrywers, 3 illustreerders, 1 redakteur/samesteller (Rudie van Rensburg wat die versameling kortverhale *Op die spoor van: 'n versameling speurverhale deur topskrywers* (2017), saamgestel het) en 6 bydraers tot laasgenoemde versameling (d.i. skrywers wie se name nie reeds elders in die meesterlys verskyn nie) in. Die twee titels waarby medeskrywers betrokke was, is *Geheimsinnigheid op Vlakdrif* (2020) deur Elna van Zyl en Angelique Godfrey, en *Sondes van die vaders* (2019), wat deur François Bloemhof voltooi is nadat Lerina Erasmus, die oorspronklike skrywer, gesterf het voordat die manuskrip afgehandel is. Algehele produksiesyfers, jaar op jaar, sien soos volg daar uit:




**Figuur 1. Aantal misdaadfiksietitels per jaar, 2013–2022**

Hier bespeur ons 'n oorwegend opwaartse trajek wat 'n hoogtepunt bereik in 2019 en 2020, met 37 en 36 titels onderskeidelik. Daarna sien ons 'n skerp daling wat ooreenstem met die algemene insinking van die boekbedryf in die nasleep van COVID-19 en gepaardgaande inperkingsmaatreëls, soos beaam deur die Publishers' Association of South Africa se 2012–2022-verslag (Le Roux, Tshuma en Harvett 2023) oor die stand van die uitgewerswese in Suid-Afrika.

Skrywers is nie almal ewe produktief wat hul kreatiewe uitsette betref nie. Die volgende grafiek gee 'n rangorde van die top tien produktiefste skrywers in die datastel:




**Figuur 2. Rangorde van die produktiefste skrywers in die datastel**

Rudie van Rensburg is ’n uitskieter met 12 titels – drie meer as die naaste mededingers, Chris Karsten en Madelein Rust met 9 elk. Van Rensburg het dus gemiddeld meer as een boek per jaar tussen 2013 en 2022 opgelewer. Een van die titels op Van Rensburg se kerfstok is die versameling kortverhale *Op die spoor van* (2017), wat deur hom saamgestel is en waartoe hy self ’n verhaal bygedra het. Van Rensburg se produktiwiteit kan deels toegeskryf word aan sy werksetiek en ervaring as oudjoernalis (Terblanche 2024), maar stellig ook die feit dat hy met reekskarakters soos die speurder Kassie Kasselman werk, want daar is ’n ooglopende korrelasie tussen die bostaande grafiek (Figuur 2) en Figuur 7: Van die 11 misdaadromans wat Van Rensburg in dié tydperk gepubliseer het, is 9 (82%) deel van die Kassie Kasselman-reeks. ’n Moontlike verklaring van waarom reekse tot groter produktiwiteit lei, is dat die skrywer nie telkens die karakterisering van die hoofkarakter van nuuts af hoef te doen nie.

Die oorgrote meerderheid tekste in die datastel is romans of novelles: Daar was onderskeidelik 234 romans en 21 novelles, wat gesamentlik 96% van die datastel verteenwoordig. Langer prosa is dus die dominante modus. Verder was daar twee kortverhaalbundels deur enkelskrywers (*Die ballade van Robbie de Wee en ander verhale* (2015) deur Deon Meyer en *As in die mond* (2017) deur Nicole Jaekel Strauss), en slegs een versameling kortverhale deur verskillende skrywers (*Op die spoor van* (2017), byeengebring deur Rudie van Rensburg).


Drie rekords in die datastel kan as draaiboeke of verwerkings van film/televisie geklassifiseer word: Deon Meyer se *Jagveld en ander draaiboeke* (2017), *Stralerjakkers* (2017), wat Leon van Nierop se verwerking is van die oorspronklike televisiereeks (1996–2001), en *Pad na jou hart* (2013), wat François Bloemhof se romanweergawe is van ’n draaiboek deur Ivan Botha en Donnalee Roberts. Twee rekords is gepubliseerde radiovervolgverhale, naamlik deel 1 en 2 van Francois Stemmet se *Mis oor die see* (2019/2020).

Daar was een grafiese roman in dié tydperk (*Die avonture van Bal-oog & Brommel: moord in Ixiastraat* (2017) deur Sjaka S. Septembir en die grafiese kunstenaar Swart Streep); twee ander romans met illustrasies (*Gedagtespel* (2022) deur Jans Rautenbach, met illustrasies deur Lizelle Rautenbach, en *Onheilspellende maansverduistering* (2018) deur Arnold van Zyl, illustrasies deur

Evelyn van Zyl); een unieke "lees-luister-en-kyk-ervaring" (*Die duisend en eerste nag* (2021) deur François Bloemhof – hierdie boek het 'n toegewyde webblad (https://1001stenag.co.za) wat gepaard gaan met musiek en video deur regisseur Rudi Steyn); en een interaktiewe roman (*Verwronge wraak* (2016) deur Johan Crous), waar die leser aanlyn kan kies tussen die romantiese weergawe (waar seks nie beskryf word nie) en die erotiese weergawe (waarin seks wel beskryf word). Die teenwoordigheid van hibriede tekste soos dié van September en Bloemhof in die datastel suggereer dat misdaadfiksie sigself wel leen tot vormlike eksperimentering.

*4.1.1 Demografiese gegewens*

Slegs drie skrywers in die datastel het onder 'n skuilnaam uitgegee (André Jansen, Sjaka S. Septembir en Henk Wester) en drie met 'n afgeleide of verboë vorm van hul naam (Henriëtte Linde-Loubser, Jo Nel en Esmé Reichel). In soverre biografiese gegewens in die openbare domein bekend is, is die genderverspreiding van skrywers en medewerkers in die datastel geraam op 57% manlik, 42% vroulik en 1% onbekend:




**Figuur 3. Genderverspreiding van skrywers en medewerkers in die datastel**


Buiten die voor die hand liggende feit dat manlike skrywers oor die algemeen meer volop is in die genre (57% teenoor 42% vroulik), kan daar verdere verbande gelê word tussen gender en ander datapunte. Die data suggereer byvoorbeeld dat manlike skrywers ietwat oorheers onder nuwe toetreders tot die genre: Van die 27 skrywers wat in 2013–2022 hulle heel eerste boek gepubliseer het, was 17 (63%) manlik en 10 (37%) vroulik. Dié effense oorwig van mans onder debuutskrywers strook met mans se oorheersing in die korpus in geheel, maar die verskil tussen 63% en 57% dui tog daarop dat manlike skrywers net effens sterker verteenwoordig is onder nuwe misdaadfiksieskrywers as vroue. Vroueskrywers dra egter proporsioneel byna net soveel by: Sowat 19% van alle vroulike skrywers in die datastel het hul debuutboek in hierdie dekade gelewer, teenoor 24% van manlike skrywers (m.a.w. 10 van 53 vroue teenoor 17 van 72 mans). Hieruit blyk dit dat alhoewel mans getallegewys meer debuutskrywers oplewer, vroue se bydrae tot die vernuwing van die genre betekenisvol is en nie ver agterbly nie.

'n Verdere insig is dat verskeie vroue in die datastel reeds gevestigde skrywers was wat later in hul loopbane tot misdaadfiksie toegetree het. Onder die 12 skrywers vir wie misdaadfiksie 'n debuut in dié genre was (d.w.s. hulle het vroeër in 'n ander genre gepubliseer), is vroue oorwegend

in die meerderheid. Dit sluit skrywers in soos Wilna Adriaanse, ’n gewilde skrywer van liefdesverhale wat eers in 2014 haar eerste misdaadroman publiseer het, en Carina Diedericks-Hugo, veral bekend vir haar kinderboeke, wat eers later volwassenespeurfiksie begin skryf het (2019). Dit kontrasteer met die sogenaamde suiwer debuutskrywers (geen vorige publikasies nie), waar mans in die meerderheid is. Die patroon mag daarop dui dat vroue dikwels eers ander literêre vorme of genres bemeester en dan na misdaadfiksie migreer, terwyl manlike skrywers eerder geneig is om misdaad as aanvanklike skryfterrein te kies.

Hierdie tentatiewe bevindinge sluit aan by Jockers (2013:40–2) se makro-ontleding-ondersoeke na Iers-Amerikaanse fiksie, waar hy byvoorbeeld statistiese teksontleding gebruik het om stilometriese verskille volgens gender aan te toon. Hoewel diepgaande ontleding van tekste buite die bestek van hierdie bibliografiese bestekopname val, lê die bogenoemde demografiese profiele reeds die grondslag vir verdere navorsing in dié verband.

92 van die 126 skrywers en medewerkers in die datastel se ouderdom (soos op 31 Desember 2022, die einde van die tydperk onder bestudering) kon met ’n hoë mate van sekerheid vasgestel word op grond van verskeie derdevlakbronne. Die gemiddelde ouderdom van hierdie 92 persone is bereken op 58,78 jaar (≈59) en die mediaan op 60 jaar. Die ouderdomsverspreiding (in 5-jaarsegmente) sien soos volg daar uit:




**Figuur 4. Ouderdomsverspreiding van skrywers in die datastel**

Die bestaande data van 2013 tot 2022 dui dus op ’n tipiese Afrikaanse misdaadskrywer in hul laat middeljare. Jonger skrywers kom wel voor (sommige debuutskrywers was in hul 30’s), maar hulle is in die minderheid. Interessant genoeg is daar geen beduidende verskil tussen manlike en vroulike skrywers se ouderdomsprofiele nie – beide groepe het ’n mediaanouderdom van rondom 60 jaar. Met ander woorde, mans en vroue in hierdie korpus is gemiddeld ewe oud. Die betreklik hoë gemiddelde ouderdom kan geïnterpreteer word as tekenend daarvan dat misdaadfiksie


https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n3b2

dikwels later in ’n skrywer se loopbaan aangepak word, en strook moontlik met die idee dat misdaadfiksie as “tweede-loopbaan-genre” funksioneer.

Dit mag wees dat talle ouer skrywers eers hul loopbane elders vestig – byvoorbeeld in die joernalistiek of in ’n ander literêre genre – voordat hulle hulle tot die misdaadgenre wend, hetsy uit belangstelling of omdat die mark daarvoor gunstig is. Een van die oudste aktiewe skrywers in die datastel, Lien Roux-de Jager (1940–), was byvoorbeeld ’n bekende skrywer van jeugverhale, wetenskapfiksie en liefdesverhale voordat sy misdaadfiksie begin skryf het.


*4.1.2 Debuutpublikasies*

’n Beduidende aantal debute maak deel uit van die datastel. Van 2013 tot 2022 was daar 27 “suiwer” debute (d.w.s. skrywers wat vir die eerste keer ’n boek uitgegee het), vyf fiksiedebute (skrywers wat voorheen niefiksie uitgegee het), een Afrikaanse fiksiedebuut (’n skrywer wat voorheen ’n boek in Engels uitgegee het), twee volwassenefiksiedebute (skrywers wat voorheen kinder- en jeugfiksie uitgegee het), vier debuutromans (skrywers wat voorheen ander literêre vorme gebesig het), en 12 misdaadfiksiedebute (skrywers wat vir die eerste keer in dié genre gewerk het). Indien al hierdie verskillende debuutvorme saamgevoeg word, was daar altesaam 51 debuutvorme tussen 2013 en 2022, sowat 19% van die titels in die datastel.




**Figuur 5. Aantal debute in die datastel volgens tipe**

As die aantal debute per jaar getel word, blyk dit dat die frekwensie van debute eers opwaarts neig en ’n hoogtepunt in 2017 en 2019 bereik voordat die kurwe weer skerp daal in 2022:




**Figuur 6. Aantal debute per jaar, 2013–2022**

*4.1.3 Titelgewing*

Ten opsigte van titelgewing is die voorkeur vir bondiger titels ’n opmerklike tendens wat redelik konstant gebly het in die Afrikaanse misdaadfiksie van 2013 tot 2022. Uit die 267 publikasies in die datastel was daar slegs 25 boeke met vyf of meer woorde in die titel. Slegs 32 van die publikasies in die datastel het ’n subtitel gedra; 15 hiervan verstrek basiese paratekstuele inligting (byvoorbeeld “’n roman”, “’n speurroman”, “’n speurverhaal” of “’n raaiselroman”); 17 van die subtitels bevat egter bykomende inligting ten opsigte van die hoofkarakter, die ruimte en/of strekking, byvoorbeeld “’n Rex Reynecke-roman” (*Skoppensboer*, Duane Aslett), “met Kalli Krynauw, forensiese psigofisioloog” (*Gekoopte leuens*, Lien Roux-de Jager), “’n Marion-eiland storie” (*Katjagter*, Erika Nortje), “’n rowwe roman” (*Papegaaislaai*, Theunis Engelbrecht) en “sand verberg alle euwels” (*Skag*, Jaco Wolmarans). Hierteenoor was daar 125 eenwoordtitels (47%), 41 tweewoord-titels (15%) en 30 driewoordtitels (11%). Byna driekwart (73%) van die boeke in die datastel het dus ’n betreklik kort titel van drie woorde of minder.

Insiggewend is François Bloemhof se vraag in die inleiding tot sy 2021-roman, *Die duiwel maak my hart so seer*, “[waarom] misdaadromans nie langer titels kan hê as waaraan ons gewoond geraak het nie – sê wie?” (Bloemhof 2021:8). Hierdie vraag-opmerking van Bloemhof beklemtoon hoedat korter titels die norm geword het in die eietydse Afrikaanse misdaadfiksie. ’n Interessante vraag is of hierdie voorkeur vir kort titels toeneem of afneem met verloop van tyd. As ons na die datastel kyk, is dit opvallend dat daar teen 2021–2022 effens meer langer titels voorkom as in die middel van die dekade. In 2014 was daar byvoorbeeld geen publikasies met titels langer as vier woorde nie; in 2022 het 5 boeke titels van vyf of meer woorde gehad (van die slegs 25 publikasies daardie jaar), waaronder *Zeus van Wyngaardt en die skrikgodin* deur Julio Agrella en *Om te lewe, om te sterwe* deur Quintus van der Merwe. Nogtans bly die oorheersende prentjie een van meestal bondige titels (van minder as drie woorde) deur die loop van die dekade.


https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n3b2

Een moontlike verklaring hiervoor is dat die bemarking van misdaadromans baat vind by sterk, kernagtige titels wat maklik onthou en herken word. Kort titels dra ook by tot die visuele impak van boekomslae en digitale katalogusse (sien Le Roux en Buitendach 2014). Aan die ander kant is die effense oplewing in langer titels teen die einde van die tydperk miskien ’n teken van doelbewuste eksperimentering – soos in die geval van Bloemhof se *Die duiwel maak my hart so seer* – of ’n poging om boeke te laat uitstaan in ’n reeds mededingende mark. Hoe dit ook al sy, titelgewing bly ’n belangrike en doelbewuste strategie om die paratekstuele trefkrag van dié genre te verhoog.

*4.1.4 Reekse en vervolgverhale*

Nog ’n opmerklike tendens is die prominensie van reekse en vervolgverhale in die datastel. 120 van die 267 titels in die datastel (nagenoeg 45%) vorm deel van ’n reeks (of beplande reeks), tweeluik of trilogie. 33 unieke skrywers (27%) is betrokke by hierdie statistiek betreffende reekse. Die data bevestig dus hoe diepgewortel reekse en vervolgverhale steeds in die Afrikaanse misdaadfiksiegenre is.

Dit is kennelik ’n algemene konvensie en/of lesersverwagting dat speurders of speurduo’s se stories oor verskeie boeke heen strek. Hierdie verskynsel stem ooreen met die internasionale misdaadfiksiebedryf waar “serialisation” al lank die norm is (Glover en McCracken 2012:6). Gerangeer sien die mees produktiewe reekse (of reeksfigure) in die Afrikaanse misdaadfiksie tussen 2013–2022 soos volg daar uit:




**Figuur 7. Rangorde van produktiefste reekse in die datastel**

Ek het reeds gewys op die korrelasie tussen reekspublikasies en hoë produktiwiteit by ’n skrywer soos Rudie van Rensburg (4.1.1). Onder die produktiefste skrywers in die datastel sien ons grootliks dieselfde tendens, byvoorbeeld Chris Karsten met sy Ella Neser-reeks (6 titels in 2013–2022), Madelein Rust met haar Malan en Coetzee-reeks (5 titels), Chanette Paul met haar Jojo Richter-reeks (5 titels), en Deon Meyer met sy Bennie Griessel-reeks (5 titels). Reekse bied aan skrywers ’n mate van struktuur wat hulle in staat stel om jaar na jaar nuwe verhale te publiseer sonder om telkens van vooraf ’n volledige nuwe fiksionele wêreld te skep. Reekse is

dus ’n lonende kreatiewe én kommersiële strategie: Skrywers slaan munt uit geliefde speurders of protagoniste wat by lesers aanklank vind, terwyl uitgewers ’n getroue leserskap opbou wat telkens na die volgende aflewering uitsien.

Dit is nie slegs ervare skrywers wat reekse aanpak nie. Die data toon dat selfs debuutskrywers van meet af aan soms met ’n beplande reeks begin. Minstens sewe (≈26%) van die "suiwer" debuutskrywers het hul debuutroman as deel een van ’n reeks gekonseptualiseer. Voorbeelde sluit in Duane Aslett se *Skoppensboer: ’n Rex Reynecke-roman* (2014) en Julio Agrella se *Zeus van Wyngaardt en die godin van die jag* (2021). Dit weerspreek die idee dat skrywers eers hul "deurbraak"-boek moet uitgee voordat hulle ’n reeks kan ontwikkel. In die eietydse Afrikaanse misdaadfiksiemark dink talle nuwe skrywers vooruit en posisioneer reeds hul debuutwerk as deel van ’n potensiële reeks – moontlik om vir die uitgewer te wys dat daar potensiaal is vir opvolgboeke.

Ten opsigte van gender vertoon ons reekse ’n taamlik egalitêre beeld: Ongeveer 33 unieke skrywers het misdaadreekse tussen 2013 en 2022 geskryf. Hiervan is feitlik die helfte (16) vroue. Onder die top 10 produktiefste reekse van 2013–2022 is vroue ook ewe goed verteenwoordig as mans, met skrywers soos Irma Venter, Lien Roux-de Jager, Madelein Rust en Chanette Paul, wat elk in dié tydperk omvangryke reekse van vier of meer titels opgelewer het. Sommige vroue het trouens meer as een reeks geskryf – Dibi Breytenbach het byvoorbeeld twee afsonderlike trilogieë in hierdie dekade gepubliseer.

Hierdie tendens dui daarop dat vroulike misdaadskrywers ewe suksesvol – indien nie méér ywerig nie – die reeksformaat benut as hul manlike eweknieë. Interessant genoeg kan ’n mens hier die vraag stel of vroue en mans se reekse tematies verskil (byvoorbeeld in hul benadering tot geweld of fokus op die speurder se persoonlike lewe). Hoewel hierdie studie nie indringend na verhaalinhoud kyk nie, kan dit ’n geleentheid bied vir verdere navorsing. ’n Vergelyking van byvoorbeeld Bennie Griessel-verhale met Jojo Richter-verhale kan lig werp op subtiele verskille of ooreenkomste in hoe manlike en vroulike reeksfigure uitgebeeld word.

Laastens verdien die uitgewer se rol in die vervaardiging van reekse melding. Die datastel toon dat sekere uitgewers, soos LAPA en Queillerie, herhaaldelik reekse uitgegee het tussen 2013 en 2022 – moontlik as deel van ’n doelbewuste bemarkingstrategie. Reekse verseker immers ’n mate van voorspelbare omset en terugkerende leserskap. Skrywers wat reekse skryf, geniet waarskynlik ook groter sigbaarheid: ’n Leser wat een deel in die hande kry, soek dikwels vorige titels in die reeks op. Reekse lei ook daartoe dat skrywers se name as ’n handelsmerk gevestig word, en oeuvres word dikwels rondom bepaalde reeksfigure gebou.

### *4.2 Uitgeweryprofiel*

Wanneer daar vervolgens ’n uitgeweryprofiel saamgestel word op grond van die datastel, met uitgewerye as die sentrale rolspelers in die produksieproses, kan daar op die volgende patrone gewys word: 23 verskillende uitgewerye was betrokke by die uitgee van Afrikaanse misdaadfiksie tussen 2013 en 2022. Dit sluit in drie hoofstroom uitgewerye, agt onafhanklike uitgewerye, vyf selfpublikasiedienste, en sewe individue wat boeke onder hul eie naam uitgegee het.

**Tabel 2. Relatiewe produksie-aandeel van uitgewerye in die datastel**

| | Uitgewery | Titels (n) | % | |
|---|---|---|---|---|
| 1. | NB-Uitgewers | 84 | 31,46% | |
| 2. | LAPA Uitgewers | 74 | 27,72% | **Top 3:** |
| 3. | Penguin Random House Suid-Afrika (Edms.) Bpk. | 37 | 13,86% | 73,03% |
| 4. | Malherbe Uitgewers | 34 | 12,73% | **Top 5:** |
| 5. | Protea Boekhuis | 8 | 3,00% | 88,76% |
| 6. | Kwarts Uitgewers | 5 | 1,87% | |
| 7. | Corlie Putter | 3 | 1,12% | |
| 8. | Groep 7 Drukkers en Uitgewers (Edms.) Bpk. | 3 | 1,12% | |
| 9. | Naledi | 3 | 1,12% | |
| 10. | Mar-Leo Publiseerders | 2 | 0,75% | |
| 11. | Tinus Viviers | 2 | 0,75% | |
| 12. | African Sun Media | 1 | 0,37% | |
| 13. | AfriForum Uitgewers | 1 | 0,37% | |
| 14. | André Kluyts | 1 | 0,37% | |
| 15. | Jacana Media (Edms.) Bpk. | 1 | 0,37% | |
| 16. | Jans Rautenbach | 1 | 0,37% | |
| 17. | Johan Crous | 1 | 0,37% | |
| 18. | Johan van Rensburg | 1 | 0,37% | |
| 19. | Kreativ SA | 1 | 0,37% | |
| 20. | Litera Publikasies | 1 | 0,37% | |
| 21. | Modjaji Books | 1 | 0,37% | |
| 22. | Porcupine Press | 1 | 0,37% | |
| 23. | Swart Septembir | 1 | 0,37% | |
| | | **267** | **100%** | |

Die drie hoofstroom uitgewerye (NB-Uitgewers, LAPA Uitgewers en Penguin Random House Suid-Afrika (Edms.) Bpk.) is ook die drie grootste spelers op die gebied van Afrikaanse misdaadfiksie: NB, LAPA[3] en Penguin het altesaam 195 titels (73%) tot die totale produksie in hierdie tydperk bygedra. Die vierde en vyfde grootste produsente was albei onafhanklike uitgewerye: Malherbe Uitgewers (Edms.) Bpk. met 34 titels (12,73%), gevolg deur Protea Boekhuis met

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n3b2

8 titels (3%). Naledi het 3 titels tot die totaal bygedra (1,12%), terwyl die ander onafhanklike uitgewerye in die datastel (AfriForum, Jacana, Litera, Modjaji en Porcupine Press) elkeen 1 titel bygedra het.

Daar was 12 titels wat met behulp van derdeparty-selfpublikasiedienste uitgegee is, waarvan Kwarts Uitgewers met 5 publikasies (1,87%) die meeste in hierdie segment opgelewer het. Ondanks die maatskappy se naam, is Kwarts Uitgewers nie ’n tradisionele uitgewery nie. Op hulle amptelike webtuiste skryf hulle: “At Kwarts, we offer expert advice and professional services *to assist independent authors in getting their books published* [...] Though a book may be *‘self-published’* our aim is to ensure that it looks absolutely professional and can compete with the best the commercial trade has to offer” (Kwarts Uitgewers s.j.; my kursivering).

Groep 7 Drukkers en Uitgewers (Edms.) Bpk. “bied aan enige skrywer die geleentheid om sy/haar boek self te publiseer” (Groep 7 Drukkers en Uitgewers s.j.), en het in die tydperk 3 misdaadfiksietitels die lig laat sien.


Mar-Leo Publiseerders is verantwoordelik vir 2 titels in die datastel. Mar-Leo Publiseerders is in 2015 gestig, en alhoewel die webwerf nie uitdruklik verwys na selfpublikasie nie, wil dit voorkom asof skrywers self moet betaal vir die ontwikkeling van manuskripte, wat impliseer dat Mar-Leo inderwaarheid ’n selfpublikasiediens verrig (Mar-Leo Publiseerders s.j.).

Kreativ SA word deur Myra Lochner bedryf, en bied aan skrywers drie opsies: om via Kreativ SA uitgegee te word; om manuskripte slegs drukgereed te maak met die hulp van Kreativ SA; of om selfpublikasie onder hul eie naam aan te pak (Kreativ SA s.j.). Een titel is onder die vaandel van Kreativ SA uitgegee. In hierdie geval is dit nie duidelik onder watter voorwaardes die betrokke boek (*Drommedaris* deur Bennie Foster) uitgegee is nie, maar aangesien die kopiereg by die skrywer berus, word aangeneem dat dit waarskynlik ’n selfpublikasie is.

Een van die boeke in die datastel, *Katjagter: ’n Marion-eiland storie* (2017) deur Erika Nortje, is gedeeltelik selfuitgegee in oorleg met die Antarctic Legacy of South Africa (ALSA) en African Sun Media (verbonde aan die Universiteit Stellenbosch). Hierdie boek is geskryf na aanleiding van die skrywer se eerste besoek aan Antarktika in 2001, en is die eerste en (sover vasgestel kon word) enigste fiksiewerk wat deur ALSA uitgegee is (Louw 2017).

Die volgende sewe individue het hul boeke selfuitgegee: Corlie Putter, Tinus Viviers, André Kluyts, Jans Rautenbach, Johan Crous, Johan van Rensburg en Swart Septembir. Sommige hiervan is slegs as e-boeke verkrygbaar (soos Rautenbach se *Gedagtespel*). Ander, soos dié van Putter, is “Print on Demand”, bedoelende dat eksemplare gedruk word eers wanneer ’n bestelling geplaas word.

Die oorhoofse verdeling van uitgewerye per segment (hoofstroom teenoor onafhanklik teenoor selfpublikasie) is dus samevattend:




**Figuur 8. Relatiewe produksieaandeel van uitgewerye per segment**

Hierdie oorhoofse profiel kan verder gedifferensieer word volgens druknaam. Hoofstroom uitgewerye gee naamlik misdaadfiksie onder die volgende drukname uit: NB-Uitgewers onder Human & Rousseau, Queillerie, Tafelberg, Kwela, Jasmyn en Lux Verbi; Penguin Random House Suid-Afrika (Edms.) Bpk. onder Penguin Books (Suid-Afrika), Umuzi en Zebra Press; en LAPA Uitgewers onder LAPA en Wenkbrou. Die rangorde per druknaam sien soos volg daar uit:

**Tabel 3. Relatiewe produksieaandeel van drukname in die datastel**

| Druknaam | Titels (n) | % | |
|---|---|---|---|
| 1. LAPA Uitgewers (LAPA) | 69 | 25,84% | |
| 2. Human & Rousseau (NB) | 47 | 17,60% | **Top 3:** |
| 3. Malherbe Uitgewers | 34 | 12,73% | 56,18% |
| 4. Penguin Books (Suid-Afrika) (Penguin) | 25 | 9,36% | **Top 5:** |
| 5. Queillerie (NB) | 18 | 6,74% | 72,28% |
| 6. Tafelberg (NB) | 12 | 4,49% | |
| 7. Umuzi (Penguin) | 9 | 3,37% | |
| 8. Wenkbrou (LAPA) | 5 | 1,87% | |
| 9. Protea Boekhuis | 8 | 3,00% | |
| 10. Kwarts Uitgewers | 5 | 1,87% | |
| 11. Kwela (NB) | 5 | 1,87% | |

| Druknaam | Titels (n) | % |
|---|---|---|
| 12. Groep 7 Drukkers en Uitgewers (Edms.) Bpk. | 3 | 1,12% |
| 13. Naledi | 3 | 1,12% |
| 14. Print on Demand | 3 | 1,12% |
| 15. Zebra Press (Penguin) | 3 | 1,12% |
| 16. Mar-Leo Publiseerders | 2 | 0,75% |
| 17. Tinus Viviers | 2 | 0,75% |
| 18. André Kluyts | 1 | 0,37% |
| 19. Antarctic Legacy of South Africa | 1 | 0,37% |
| 20. Jacana Media (Edms.) Bpk. | 1 | 0,37% |
| 21. Jans Rautenbach | 1 | 0,37% |
| 22. Jasmyn (NB) | 1 | 0,37% |
| 23. Johan Crous | 1 | 0,37% |
| 24. Johan van Rensburg | 1 | 0,37% |
| 25. Kraal Uitgewers | 1 | 0,37% |
| 26. Kreativ SA | 1 | 0,37% |
| 27. Litera Publikasies | 1 | 0,37% |
| 28. Lux Verbi (NB) | 1 | 0,37% |
| 29. Modjaji Books | 1 | 0,37% |
| 30. Porcupine Press | 1 | 0,37% |
| 31. Swart Septembir | 1 | 0,37% |
| | **267** | **100%** |

Hiervolgens was LAPA Uitgewers die grootste enkele druknaam vir Afrikaanse misdaadfiksie in die onderhawige tydperk, met 69 titels (25,84%), gevolg deur Human & Rousseau met 47 titels (17,60%) en Malherbe Uitgewers in die derde plek met 34 titels (12,73%). Die vyf grootste drukname (LAPA, Human & Rousseau, Malherbe, Penguin Books (Suid-Afrika) en Queillerie) verteenwoordig gesamentlik 72,28% van uitsette in dié periode. Uit die statistiek hier bo is dit dus duidelik dat hoofstroom uitgewerye (aan die hand van hul onderskeie druknname) steeds grootliks die produksie van oorspronklike Afrikaanse misdaadfiksie oorheers. Hierdie bevinding klink miskien voor die hand liggend, aangesien gevestigde kommersiële uitgewerye dikwels oor die nodige hulpbronne beskik om fondslyste in stand te hou en nuwe manuskripte te ontwikkel, maar dit is nietemin insiggewend dat tradisionele uitgewerye steeds nie ontsetel is deur die opkoms van onafhanklike en selfpublikasie nie, selfs te midde van die COVID-19-pandemie en gepaardgaande ingrendelingsmaatreëls.

Die opkoms van Malherbe Uitgewers is ’n noemenswaardige verwikkeling, synde op blote produksiesyfers af die derde mees produktiewe druknaam van misdaadfiksie in die onderhawige tydperk (des te meer merkwaardig omdat Malherbe eers in 2017 tot die bedryf toegetree het). Hierdie onafhanklike uitgewery het begin as ’n Facebook-groep vir ongepubliseerde digters, wat deur Heleen Malherbe bedryf is. Mettertyd het Malherbe begin om skrywers te help met die afronding van hul manuskripte en in 2017 is Malherbe Uitgewers (Edms.) Bpk. op die been gebring. Met behulp van Mike Grobler is ’n amptelike webwerf geskep en tans bied Malherbe Uitgewers ’n volwaardige uitgeediens aan skrywers, insluitende die verkryging van ’n ISBN, basiese uitleg- en proefleesdienste, die verskaffing van twee eksemplare aan die skrywer (en een aan die SANB), bemarking op sosiale media, verkope via ’n aanlyn winkel, en die betaling van tantième (Malherbe Uitgewers s.j.).


Malherbe Uitgewers stel dit onomwonde dat hulle nie ’n selfpublikasiediens verskaf nie (“Ons doen nie Selfpubliseering [sic] nie”), en die maatskappy plaas sigself pertinent in die nisruimte tussen hoofstroom, korporatiewe uitgewerye en selfuitgewers: “Ons het onstaan [sic] om ’n leemte te vul tussen die selfpubliseerders en die ‘mainstream’ uitgewers met pryse wat beskostigbaar [sic] is en om die skrywers te ondersteun deur die admin rondom publikasie en bemarking oor te neem om die skrywers tyd te gee om te doen wat hulle die beste doen – SKRYF” (Malherbe Uitgewers s.j.). Dit val helaas buite die bestek van die huidige artikel, maar verdere ondersoek na Malherbe Uitgewers se uitgeefilosofie en redaksionele beleid, die betrokke skrywers se beweegredes vir voorlegging, en lesersamestelling, kan nuttige insigte oplewer. In watter mate vervul Malherbe Uitgewers byvoorbeeld ’n unieke behoefte binne die plaaslike uitgewersbedryf, veral ten opsigte van die publikasie van populêre fiksie?

### *4.3 Ontleding van genre-etikette en trefwoorde (“kat en klas”)*

Tot dusver is hoofsaaklik uitgewei oor produksiesyfers en produsente (uitgewerye). Deur te kyk na die spesifieke kategorisering en klassifisering (“kat en klas”) van titels in die datastel – d.w.s. hoe die boeke in die praktyk geëtiketteer word – kan daar moontlik bepaalde afleidings gemaak word ten opsigte van die tematiese reikwydte en interne samestelling van Afrikaanse misdaadfiksie in die tydperk onder bestudering.

#### *4.3.1 BISAC-kodes*

BISAC-kodes verskyn 402 keer in die datastel, oor 32 kategorieë heen. Slegs 41 titels het geen BISAC-kode gehad nie (of het nie op Nielsen se databasis gefigureer nie). Met ander woorde, 224 titels in die lys (85%) beskik wel oor ’n BISAC-kode (of -kodes). BISAC is dus die volledigste kat-en-klas-stelsel wat in hierdie datastel gebruik word. Die frekwensie van BISAC-kodes in die datastel is getel en die 32 BISAC-kategorieë gerangeer. Die rangorde lyk só:




**Figuur 9. Frekwensie van BISAC-kategorieë in die datastel**
Klik op die figuur vir ’n groter weergawe.

Hieruit kan afgelei word dat die meeste misdaadfiksietitels in die tydperk 2013 tot 2022 as ’n vorm van *spanningsfiksie* of *rillers* bestempel word: Algemene rillers (FIC031000), spanningsrillers (FIC030000), sielkundige rillers (FIC031080), spioenasierillers (FIC006000), romantiese rillers (FIC027110) en huishoudelike rillers (FIC031100) verteenwoordig altesaam 169 titels, oftewel 75%, van al die titels met BISAC-kodes.

Hierbenewens word 36% as ’n soort *speurverhaal* geëtiketteer: 76 titels as algemene raaisel- en speurverhale (FIC022000), twee as polisiespeurderverhale (FIC022020) en nóg twee as vrouespeurderverhale (FIC022040). (Let daarop dat baie hiervan oorvleuel met die bogenoemde spanningskategorieë – een boek kan dus as sowel spannings- as speurverhaal geëtiketteer word.) 55 titels (25%) kry die breë noemer *misdaadfiksie* (FIC050000) en 13 titels word as *aksie*- en *avontuurfiksie* geponeer (FIC002000).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n3b2


Vier titels word (ten dele) as eietydse liefdesverhale (FIC027020) geklassifiseer, naamlik: *Sirkus* (Irma Venter), *Stillewe* (Marie Spruyt), *Bloedlyn* (Madelein Rust) en *Deur water en vuur* (Karin Combrinck). Daar is slegs een romantiese spanningsverhaal (FIC027110): François Bloemhof se *Kry vir jou!*. Drie titels word as sielkundige fiksie bestempel: *Bloedsuier* (Leon van Nierop), *My naam is Legio* (Madelein Rust), en *Die afloerder* (Anel Heydenrych). Dit is opvallend hoe min titels as noir (FIC062000) bestempel word – trouens slegs een: *As jy van moord droom* (Deborah Steinmair). Dit geld ook vir polisieprosedureromans (FIC022020), waarvan daar slegs twee is, en gruwelverhale (FIC015000) – ook net twee. Slegs een roman word as gotiese fiksie (FIC027040) bestempel, naamlik *Plek van poue* deur Henriëtte Linde-Loubser.

Sewe titels in die datastel is as nieklassifiseerbaar gemerk (NON000000), en die vraag ontstaan waarom? Het die skrywer en/of uitgewer nagelaat om die nodige metadata beskikbaar te stel, of was dit ’n doelbewuste keuse? ’n Ander opmerklike kategorie is sogenaamde literêre fiksie (FIC019000). Agt titels dra hierdie etiket: *Minder as niks* (Irma Venter), *Adder* (Christelle van Rooyen-Wessels), *Monster* (Rudie van Rensburg), *Tweegevreet* (Zirk van den Berg), *Die verleiding van Eva de Winter* (Louis Krüger), *Malhuis* (Anel Heydenrych), *Hond se gedagte* (Kerneels Breytenbach) en *Zeus van Wyngaardt en die skrikgodin* (Julio Agrella). Dit is nie duidelik hoe skrywers en/of uitgewers bepaal het watter boeke sodanige BISAC-kode moet kry nie, en of dit ’n implisiete waardeoordeel inhou nie, want Rudie van Rensburg se *Monster* verskil byvoorbeeld nie ooglopend van die ander werk in sy oeuvre nie.

Die hoë frekwensie van *riller*-etikette in die datastel (75% van alle BISAC-koderings) en *speurverhaal*-etikette (36% van titels) dui daarop dat uitgewers hulle misdaadfiksie hoofsaaklik onder breë sambreelterme posisioneer. So ’n oorwegend breë genre-etikettering strook met die boekbedryf se strategie om genregrense doelbewus vaag te hou ten einde die grootste moontlike lesersmark te bereik (kyk die bespreking by afdeling 2.4). Fynere akademiese onderskeide tussen subgenres word dus in die praktyk vervaag of selfs uitgewis deur hierdie kommersiële dryfveer. Die willekeurige aard van BISAC-koderings blyk verder uit anomalieë soos die merker *literêre fiksie* (FIC019000) wat aan slegs agt misdaadromans toegeken is. Dit is onduidelik op grond waarvan skrywers en/of uitgewers besluit het om juis daardie boeke as "literêr" te bestempel – moontlik in ’n poging om aan sekere misdaadtekste ’n hoër kulturele aansien te gee of ’n ander soort leser te teiken en te lok. So ’n subtiele waardeoordeel in die metadata beklemtoon dat genreklassifikasie nie ’n neutrale, vaste gegewe is nie, maar onderhewig aan bemarkingsgerigte beweegredes en individuele diskresie.

*4.3.2 THEMA-kodes*

THEMA-kodes verskyn 281 keer in hierdie datastel, oor 13 kategorieë heen. Daar is aan altesaam 225 titels (84%) ’n THEMA-kode toegeken, wat beteken dat slegs 42 titels in die databasis nie oor ’n THEMA-kode beskik nie (of glad nie op Nielsen se databasis verskyn nie). As ons dit volgens frekwensie sou rangeer, sien die 13 THEMA-kategorieë in die datastel soos volg daar uit:




**Figuur 10. Frekwensie van THEMA-kategorieë in die datastel**


Die beeld wat hieruit na vore kom, is soortgelyk aan die BISAC-uiteensetting hier bo, maar ietwat minder genuanseerd. Die blote feit dat daar slegs 13 THEMA-kategorieë is (teenoor 32 BISAC-kategorieë), suggereer dat daar in die algemeen minder THEMA-etikette per titel toegeken word, en die aard van die betrokke teks dus minder eksak gespesifiseer word. Met slegs 13 verskillende THEMA-etikette (teenoor 32 BISAC-kategorieë) in gebruik, word Afrikaanse misdaadfiksie hier grotendeels opgesom in twee hoofklasse: 102 uit 225 titels (45%) word as *spanningsfiksie* (FH) geklassifiseer, en 100 (44%) as *misdaad- en speurfiksie* (FF). Dit impliseer dat die boekbedryf geneig is om breë noemers te gebruik wanneer boeke vir databasisdoeleindes geklassifiseer word – vergelyk byvoorbeeld Nielsen se oorkoepelende verkoopskategorie *Crime, Thrillers & Adventure*.

Wat wel opvallend is omtrent die THEMA-kodes, is die aantal titels wat met liefdesverhale verband hou: Daar is agt (8) moderne en eietydse romanses (FRD), agt (8) romantiese spanningsverhale (FRM) en vyf (5) romanses (FR). Dit is altesaam 21 liefdesverwante titels en ongeveer 10% van al die titels in die datastel met ’n THEMA-kode, ’n stuk meer as die skamele 5 titels (≈2%) met soortgelyke BISAC-kodes. Dit wil dus voorkom asof die THEMA- en BISAC-klassifikasies soms verskillende aspekte beklemtoon. Dieselfde roman met ’n romantiese subtema mag in een stelsel as *romanse* geklassifiseer word, terwyl ’n ander stelsel dit uitsluitlik onder *misdaad* of *riller* plaas. Hierdie uiteenlopende toekenning van kodes beklemtoon weer eens die arbitrêre aard van genre-etikette: Daar is geen uniforme, objektiewe manier waarop alle instansies ’n gegewe teks indeel nie.

### *4.3.3 NALN-trefwoorde*


Altesaam 660 trefwoorde is deur NALN aan 162 titels in die datastel toegeken; d.w.s. 61% van die 267 titels in die datastel bevat een of meer NALN-trefwoorde. 178 hiervan was unieke trefwoorde. Slegs die top 20 mees frekwente trefwoorde word hier weergegee:

 Jaargang 22, Nommer 3, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n3b2





**Figuur 11. Frekwensie van NALN-trefwoorde in die datastel (top 20)**

Soos in afdeling 3.3 verduidelik, het ek die groot getal unieke NALN-trefwoorde in die datastel gegroepeer volgens tipe ten einde meer sinvolle inhoudelike patrone daaruit te kan aflees. Die 23 trefwoordgroepe sien soos volg daaruit:




**Figuur 12. Groepering van NALN-trefwoorde in die datastel (grafiek)**
Klik op die figuur vir ’n groter weergawe.

Nota: Die eerste en grootste groepering (*Algemene genremerkers) sluit die volgende individuele trefwoorde in:




**Figuur 13. Samestelling van die trefwoordgroep **Algemene genremerkers***

As bloot na hierdie algemene genremerkers gekyk word, kom ’n soortgelyke prentjie na vore as wat gesien word by die BISAC- en THEMA-kodes: *spanningsverhale* en *speurverhale* is die algemeenste etikette, gevolg deur *misdaad* en *rillers*. Hierdie betreklik vae etikette werp egter nie veel meer lig op die *inhoudelike* samestelling van Afrikaanse misdaadfiksie as die BISAC- en THEMA-kodes nie. Dit is derhalwe nodig om terug te keer na die voorafgaande grafiek (Figuur 12) met sy 23 groeperings; hieruit kan wel enkele patrone waargeneem word.

As ons eerstens kyk na die *tipes* misdaad wat prominent figureer, is dit duidelik dat moord en reeksmoorde die gewildste is, met 97 etikette wat hierop slaan. Seksuele en geweldsmisdaad (onder meer “bejaardemishandeling”, “marteling” en “plaasaanvalle”) kom 22 keer voor, terwyl geldelike misdrywe (insluitende “bedrog”, “korrupsie” en “staatskaping”) 14 keer voorkom. Dit gee vir ons ’n rowwe idee van die relatiewe verspreiding van die verskillende misdaadsoorte in Afrikaanse misdaadfiksie: vir elke 10 boeke waarin moord figureer, is daar ongeveer twee boeke oor seksuele en geweldsmisdaad, en een oor geldelike misdaad. (Uiteraard is hierdie ’n vereenvoudiging, want daar vind dikwels meer as een tipe misdaad in dieselfde boek plaas.)

NALN se geografiese merkers en plekname skets ’n interessante prentjie, veral ten opsigte van die verspreiding “plaaslik” teenoor “internasionaal”: onderskeidelik 45 en 17 trefslae elk. Dit suggereer dat die meerderheid misdaadfiksie inderdaad in/om Suid-Afrika afspeel (die Kaap / Kaapstad kry oënskynlik die meeste aftrek, met 10 trefslae, teenoor Johannesburg se vier), maar dat daar ook ’n beduidende aantal boeke in die genre is waarin misdaad sigself internasionaal of transnasionaal uitspeel.

Aspekte rondom interpersoonlike verhoudings is skynbaar ’n belangrike tematiese bemoeienis binne die genre, met trefwoorde soos “familie”, “gesinsverhoudings”, “huwelik” en “vriendskap” wat 37 keer voorkom. Waarop dit ook tot ’n mate dui, is die teenwoordigheid van ’n subgenre in Afrikaans wat dikwels as *huishoudelike noir* bestempel word, waar die onderstrominge en konflik tussen geliefdes of naasbestaandes voorop staan.

Elemente van spioenasiefiksie, militêre en politieke intrige kom ook na vore. Dit blyk uit 24 items met trefwoorde soos “spioenasie” en “spioenasieverhale”, “geheimediens”, “politiek”, “weermag”, “kernwapens”, ens. Trefwoorde soos “depressie”, “sadisme”, “onderbewussyn” en “pedofilie” wat

met die sielkunde en/of geestesversteurings te make het, figureer 17 keer in die datastel. Insgelyks word geskiedkundige gegewens dikwels betrek – 18 keer om presies te wees. Dit blyk uit trefwoorde soos "geskiedenis", "geskiedkundige verhale", "historiese romans", "apartheid", "Anglo-Boereoorlog", "Tweede Wêreldoorlog", en "Grensoorlog". Gegewe die konvensionele worsteling met waarheid en skuld in die speurverhaal, en Suid-Afrika se traumatiese verlede, is dit geen verrassing dat Afrikaanse misdaadfiksie dikwels in die verlede delf nie.

Die trefwoorde "humor" en "satire" kom ’n skamele 9 keer voor (1,3% van die groottotaal), wat suggereer dat die misdaadgenre in Afrikaans meestal redelik "ernstig" van aard is, maar daar is wel bepaalde uitsonderings, byvoorbeeld die romans van Deborah Steinmair, Schalk Schoombie en Julio Agrella, asook Theunis Engelbrecht se satiriese *Papegaaislaai*.


Die frekwensie van trefwoorde wat dui op distopiese of wetenskapfiksie, asook bonatuurlike elemente (byvoorbeeld "spoke" en "heldersiendheid"), is betreklik laag: Daar was slegs 5 van die eersgenoemde en 3 van die laasgenoemde groep. Dit is altesaam 1,2% van die 660 NALN-trefwoorde in die datastel. Hierdie lae frekwensie is waarskynlik toe te skryf aan die spesifieke metodologie wat gebruik is om die bibliografie te bou op grond van die soekterme *misdaad*, *speurverhaal* en *spanningsverhaal*. Indien ander soekterme soos *wetenskapfiksie* of *spookstorie* ook ingesluit sou word, behoort die verspreiding vanselfsprekend anders daar uit te sien.

Hoewel NALN se katalogiseerders ’n veel groter verskeidenheid inhoudelike trefwoorde aan titels gekoppel het (660 trefwoorde, 178 uniek), weerspieël die algemeenste NALN-etikette steeds dieselfde breë genre-indelings wat ons by BISAC/THEMA sien. Woorde soos *spanningsverhale*, *speurverhale*, *misdaad* en *rillers* kom die gereeldste voor. Dit wys vir ons dat selfs ’n gedetailleerde bibliografiese stelsel soos dié van NALN geneig is om terug te val op konvensionele, ruim gedefinieerde genreterme.

Die toekenning van trefwoorde by NALN is boonop betreklik onvolledig en baie uiteenlopend: Net 61% van die titels in die datastel het enige NALN-trefwoorde ontvang, en die enorme aantal unieke terme wat gebruik is (178), het vereis dat ek hulle agterna moes groepeer ter wille van hanteerbaarheid. Daar bestaan klaarblyklik nie ’n gestandaardiseerde woordelys wat konsekwent op elke titel toegepas word nie – inteendeel, NALN-trefwoorde berus blykbaar op die individuele oordeel van katalogiseerders en die beskikbaarheid van inligting. Soos in afdeling 2.4 bespreek, is genreklassifikasie ’n problematiese proses: Definisies en etikette verskuif na gelang van konteks en behoefte, en subtipes smelt dikwels saam onder een sambreelterm. NALN se ryk, maar uiteenlopende stel trefwoorde illustreer hierdie verskynsel van gelyktydige verdieping en verwatering: Dit bied insig in tematiese besonderhede, maar kan die grense van misdaadfiksie ook laat vervaag deur byna elke verwante element in te sluit.

#### *4.3.4 SANB-genre-etikette*

Die SANB se genreklassifikasie toon soortgelyke oneweredighede. Daar is aan 213 uit 267 titels in die datastel (78%) minstens een SANB-genre-etiket toegeken; 135 hiervan was tematies-inhoudelike etikette wat oor 17 kategorieë heen strek. Gerangeer, sien die SANB-genre-etikette soos volg daar uit:




**Figuur 14. Frekwensie van SANB-genre-etikette in die datastel**

Hoewel ’n groot persentasie van die titels (78%) van minstens een genremerker voorsien is, word driekwart van die boeke onder net twee kategorieë gegroepeer: *speur-* of *raaiselfiksie* (51%) en *rillers* (24%). Dié twee etikette verteenwoordig gesamentlik driekwart, of 75%, van alle SANB-genre-merkers in die datastel. Dit suggereer ’n voorkeur vir makrogroepe soortgelyk aan die BISAC/THEMA-benadering, terwyl ander moontlike genres minder konsekwent toegeken word. Slegs vier titels ontvang byvoorbeeld ’n *spanningsfiksie*-etiket, en dit bly onduidelik volgens watter kriterium daar tussen *riller* en *suspense fiction* onderskei word in die SANB-stelsel.

Van die oorblywende 34 SANB-genre-etikette (25%) in die datastel word agt titels as romantiese of erotiese fiksie geëtiketteer, vier titels as historiese fiksie, en vier as spanningsfiksie (hoewel dit nie duidelik is hoe daar tussen *thrillers* en *suspense fiction* onderskei word nie). *Moord* of *moordfiksie* figureer drie keer in die datastel. Die oorblywende 11 unieke SANB-genre-etikette in die bostaande grafiek verskyn elk maar een of twee keer, wat dui op die tematiese verskeidenheid van die titels in die datastel, maar ongelukkig is die frekwensie telkens te laag om enige noemenswaardige patrone daaruit af te lees.

Verder is daar voorbeelde van tematiese etikette wat onderbenut bly: “Spy fiction” en “Politics and government” kom elk net een keer voor in die SANB-data, teenoor 24 keer in NALN se ekwivalente kategorie. Hierdie inkonsekwentheid impliseer dat katalogiseerders by SANB dikwels slegs ’n beperkte stel genreterme aan ’n werk toeken – moontlik fokus hulle op die prominentste aspek en ignoreer sekondêre elemente, of verskillende katalogiseerders pas

verskillende terme toe. Gevolglik is die SANB-etikettering nóg heeltemal verteenwoordigend van die boek se inhoud, nóg konsekwent toegepas oor titels heen.

Hier kom die arbitrêre aard van genreklassifikasie duidelik na vore: Welke etiket ’n boek ontvang, hang uiteindelik af van subjektiewe keuses en beskikbare kategorieë eerder as van ’n intrinsieke eienskap van die teks. Soos in afdeling 2.4 aangedui is, impliseer genre-indelings altyd kunsmatige in- en uitsluiting. Die uiteenlopende resultate by BISAC, THEMA, NALN en SANB bevestig hoe genre-etikettering deel is van hierdie breër probleem van nie-uniforme, bemarkingsgedrewe kategorieë: elke stelsel het sy eie benadering en doelstellings, wat daartoe lei dat die grenslyne van misdaadfiksie voortdurend onderhandel en herbeskryf word.

## 5. Gevolgtrekking

### *5.1 Bevindinge*

Wat is ten slotte die vakkundige bydrae van hierdie ondersoek?

Die ondersoek demonstreer hoe Venter (2006) se metodologie aangepas en afgespits kan word op ’n enkele genre, in hierdie geval die produksie van Afrikaanse misdaadfiksie tussen 2013 en 2022. Synde ’n bibliografies-kwantitatiewe bestekopname, en geen tradisionele stiplees-oefening waarby ’n handvol literêre tekste geoormerk is vir ontleding nie, kan die projek beskou word as ’n eksperiment in veraflees na aanleiding van Franco Moretti. Die ondersoek sluit aan by die empiriese benadering tot literatuurwetenskap, eerder as die hermeneutiek, en behoort in die eerste plek tot die toepassingsterrein van boekstudie en uitgewery-ondersoek. Deur die gebruik van ’n bibliografie as datastel om breë produksiepatrone en tematiese tendense te karteer, sluit die ondersoek ook metodologies aan by die makro-ontleding van digitale geesteswetenskaplikes soos Jockers (2013).

Met die ingeslote bibliografie as bylaag lewer die artikel ’n literêr-historiese bydrae wat vergelykbaar is met byvoorbeeld Anita Miller se bibliografie van Afrikaanse speurverhale (Miller 1967) en Elizabeth Le Roux se bibliografie van Engelstalige Suid-Afrikaanse misdaadfiksie (Le Roux 2013). Die hoop is dat die huidige bibliografie mettertyd uitgebrei kan word en as hulpbron kan dien vir navorsers en kritici wat hulle met die eietydse Afrikaanse misdaadfiksie bemoei.

Hierdie bestekopname bied, bowenal, hopelik ’n meer volledige beeld van die aard en omvang van die eietydse Afrikaanse misdaadfiksie. In afdeling 4.1 word oorhoofse produksiesyfers bespreek en verbande gelê tussen onder meer die demografiese gegewens van skrywers in die datastel, debuutpublikasies, reekse en titelgewing. Afdeling 4.2 stel ’n uitgeweryprofiel aan bod en ons kry dus ’n beter idee van hoeveel boeke werklik in die genre in Afrikaans uitgegee is in die onderhawige dekade, en watter rolspelers betrokke was by die produksie daarvan.

Met die eksperimentele trefwoordontleding in afdeling 4.3 is daar verder gepoog om in breë ideetrekke die tematies-inhoudelike samestelling van die genre te peil. Die bestekopname sou dus meer tradisionele teksgerigte of stipleesbenaderings kon aanvul deurdat die empiriese konteks waarbinne misdaadfiksie geproduseer word, belig word. Daarmee word die grondslag gelê vir ’n meer sistematiese bestudering van hoe ’n populêre genre soos misdaadfiksie in Afrikaans oor die afgelope dekade ontwikkel het.

### *5.2 Beperkinge*

Alle bibliografiese rekords en metadata is herhaaldelik nagegaan en aangevul deur ’n deeglike siftings- en verifiëringsproses, soos verduidelik in afdeling 3. Dit is gedoen in ’n poging tot groter volledigheid en akkuraatheid. Ongelukkig, soos wat Le Roux (2013:137) eweneens aandui, gebeur dit nie noodwendig altyd dat uitgewers getrou hul pliglewering[4] nakom nie, met die gevolg dat selfs die amptelike Staatsbiblioteek se rekords nie 100% volledig is nie. Hoewel hierdie tekortkoming betreurenswaardig is, is NALN en die SANB nogtans die twee betroubaarste databasisse wanneer dit kom by bibliografiese rekords in die land. Wat die huidige bibliografie betref, is daar sover moontlik gepoog om enige hiate te ondervang, maar dit is moontlik dat sommige titels nóg in die SANB nóg in NALN se katalogusse verskyn.

Soos reeds in afdeling 2.4 verduidelik, is genreterminologie ’n ingewikkelde saak, want die wyse waarop boeke in die praktyk deur uitgewers en boekhandelaars geëtiketteer word, lei dikwels tot verwarring en oorvleueling. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek was ’n terminologiese keuse vir spesifieke trefwoorde egter onvermydelik. Daar is besluit op drie basiese trefwoorde (*misdaad*, *speur* en *spanning*) wat gesamentlik ’n redelik verteenwoordigende beeld van die genre behoort te gee, maar dit is belangrik om die voor die hand liggende feit in gedagte te hou dat ’n ander terminologiese keuse sou gelei het tot ’n bibliografie wat ietwat anders daar uitsien. Een van die grootste uitdagings waarmee die navorsingsprojek tewens te kampe gehad het, is die subjektiewe aard van genre-etikettering en katalogisering. Hierdie problematiek is aangeroer in die bespreking van BISAC-, THEMA-, NALN- en SANB-genremerkers in afdeling 4.3.

### *5.3 Moontlikhede vir verdere ondersoek*

Daar is ’n aantal belowende moontlikhede vir verdere navorsing wat by hierdie ondersoek sou kon aansluit of daarop sou kon voortbou. Eerstens kan ’n mens die ondersoek uitbrei om vroeëre dekades in te sluit of om verskillende dekades met mekaar te vergelyk, sodat produksiepatrone in die Afrikaanse misdaadfiksie oor ’n langer tydperk nagespeur kan word. Uiteindelik kan die geskiedenis en ontwikkeling van Afrikaanse misdaadfiksie in sy geheel op hierdie wyse geboekstaaf word.

Ideaal gesien, sou ’n mens ook reële verkoopsyfers by hierdie bestekopname wou betrek. Helaas is dit egter bykans onmoontlik om verkoopsyfers te bekom. Nielsen vereis byvoorbeeld ’n betaalde subskripsie waartoe akademiese instansies – en navorsers verbonde aan dergelike instansies – meestal nie toegang het nie. Hoewel dit verstaanbaar is dat uitgewers lugtig is om sensitiewe inligting betreffende verkope en omset bekend te maak vanweë die kompeterende mark waarin hulle om ’n aandeel meeding, is dit vanuit ’n wetenskaplike hoek betreurenswaardig. Die verrekening van verkoopsyfers sou heelwat waarde tot hierdie bestekopname kon toegevoeg het, aangesien dit ryker insigte sou kon opgelewer het betreffende die kommersiële sukses en lewensvatbaarheid van misdaadfiksie in Afrikaans.

Tydens die data-insamelingsproses is daar kennis geneem van ’n beduidende aantal kinder- en jeugboeke behorende tot die speur- en misdaadgenre, byvoorbeeld Elizabeth Wasserman se Speurhond Willem-reeks en vele ander, maar kinder- en jeuglektuur is vir die doeleindes van hierdie artikel uitgesluit. ’n Bestekopname van misdaadlektuur vir hierdie kategorie lesers sou dus kon deel uitmaak van ’n opvolgondersoek. Eweneens sal dit insiggewend wees om ’n bestekopname te maak van vertaalde misdaadfiksie, hetsy vanuit óf in Afrikaans. So ’n oorsig

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n3b2

van vertaalde misdaadfiksie kan lig werp op die transnasionale beweging en mobiliteit van misdaadfiksietekste. Verder sou ’n mens die huidige bestekopname van Afrikaanse misdaadfiksie kon vergelyk met ’n soortgelyke datastel van byvoorbeeld Nederlandstalige of Engelstalige Suid-Afrikaanse misdaadfiksie in dieselfde tydperk. Die huidige datastel en bibliografie kan ook vergelyk word met ander populêre genres in Afrikaans, byvoorbeeld romantiese fiksie, wetenskapfiksie of spekulatiewe fiksie.

## Bedanking

My dank aan prof. Elizabeth le Roux en dr. Rudi Venter vir waardevolle raad in die vroeë stadium van hierdie navorsingsprojek.

## Bibliografie

Amid, J. 2014. ’n Moeilike geboorte en skielike grootword: Suid-Afrikaanse misdaadfiksie. LitNet, 1 Julie. https://www.litnet.co.za/poolshoogte-n-moeilike-geboorte-en-skielike-grootword-suid-afrikaanse-misdaadfiksie (1 Mei 2023 geraadpleeg).

BISG. S.j. About BISG: Information, standards, research, and inclusions. https://www.bisg.org/about (19 Oktober 2023 geraadpleeg).

Bloemhof, F. 2021. *Die duiwel maak my hart so seer*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Bourdieu, P. 1993. *The field of cultural production. Essays on art and literature*. New York, NY: Columbia University Press.

Dove, George. 1997. *The reader and the detective story*. Bowling Green, OH: Bowling Green State University Press.

Editeur. S.j. Thema – the subject category scheme for a global book trade. Editeur.org. https://www.editeur.org/206/About-Thema (22 Oktober 2023 geraadpleeg).

Ehlers, H.G.A. 2023. Die rol van ruimte in Karin Brynard se *Plaasmoord*. MA- miniverhandeling. Universiteit van Pretoria. http://hdl.handle.net/2263/96951.

Even-Zohar, I. 1990. Polysystem theory. *Poetics Today*, 11(1):9–26.

Galloway, F. en M.R. Venter. 2016. Die Afrikaanse uitgewersbedryf. In Van Coller (red.) 2016.

Glover, D. en S. McCracken. 2012. Introduction. In Glover en McCracken (reds.) 2012:1–14.

Glover, D. en S. McCracken (reds.). 2012. *The Cambridge companion to popular fiction*. Cambridge: Cambridge University Press.

Groep 7 Drukkers en Uitgewers. S.j. Missie, waardes en visie. https://www.groep7.co.za/af/tuiste (4 Augustus 2023 geraadpleeg).

Hambidge, J. 2012. ’n Literêr-teoretiese speurtog: ’n analise van Kerneels Breytenbach se *Piekniek by Hangklip* (2011). *Stilet*, 24(2):1–15. https://hdl.handle.net/10520/EJC138245.

Head, P. 2013. Tyd as struktuurelemente in speur- en misdaadfiksie met spesifieke verwysing na drie tekste deur Deon Meyer. MA-verhandeling. Universiteit van Kaapstad. http://hdl.handle.net/11427/11157.

Human, T. en J. Otto. 2019. Sensasie of sosiale betrokkenheid? Die aanwending van retoriese strategieë in Karin Brynard se *Plaasmoord*. *Stilet*, 31(1):118–36. https://hdl.handle.net/10520/ejc-stilet-v31-n1-a21.

Jockers, M. 2013. *Macroanalysis: digital methods and literary history*. Urbana, Chicago, Springfield: University of Illinois Press.

Kleyn, L. 2013. ’n Sisteemteoretiese kartering van die Afrikaanse literatuur vir die tydperk 2000–2009: kanonisering in die Afrikaanse literatuur. Doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria. http://hdl.handle.net/2263/32714.

Kreativ SA. S.j. Selfpublikasie. https://kreativsa.weebly.com/selfpublikasieself-publication.html (6 Julie 2023 geraadpleeg).

Kwarts Uitgewers. S.j. Self-publishing with Kwarts Publishers. https://www.kwartspublishers.co.za/Publishing/Self-publishing (16 Julie 2023 geraadpleeg).

Le Roux, E. 2013. South African crime and detective fiction in English: a bibliography and publishing history. *Current writing: Text and reception in Southern Africa*, 25(2):136–52. http://dx.doi.org/10.1080/1013929X.2013.833417.

Le Roux, E. en S. Buitendach. 2014. The production and reception of Deon Meyer’s works: an evaluation of the factors contributing to bestseller status. *Scrutiny2*, 19(1):18–34.

Le Roux, E., S. Tshuma en S. Harvett. 2023. *South African book publishing industry survey, 2021–2022*. Publishers’ Association of South Africa, Mei. https://publishsa.co.za/wp-content/uploads/2023/05/2021-2022-Publishing-Industry-Survey.pdf.

Louw, A. 2017. First fiction book published by ALSA. *Antarctic Legacy of South Africa*, 12 Januarie 2017. https://blogs.sun.ac.za/antarcticlegacy/2017/01/12/first-fiction-book-published-by-alsa (5 Julie 2023 geraadpleeg).

Lulu Press. BISAC: What it is and why it matters. S.j. https://blog.lulu.com/bisac-what-it-is-and-why-it-matters (20 Oktober 2023 geraadpleeg).

Malherbe Uitgewers. S.j. About us. https://www.malherbepublishers.co.za/about-us/ (4 Julie 2023 geraadpleeg).

—. Our services. https://www.malherbepublishers.co.za/our-services/ (4 Julie 2023 geraadpleeg).

Mar-Leo Publiseerders. S.j. Ons dienste met 'n glimlag. https://www.marleo.co.za/inligting/ons-dienste-met-n-glimlag (4 Julie 2023 geraadpleeg).

Miller, A. 1967. Afrikaanse speurverhale uitgegee tot die einde van 1950. Johannesburg: Wits University Press.

Moretti, F. 2013a. Conjectures on world literature. In Moretti 2013b:38–54.

—. 2013b. *Distant reading*. New York: Verso. E-boekweergawe.

Nielsen. Nielsen BookData Online. S.j. https://www.nielsenbookdataonline.com/bdol (4 Augustus 2023 geraadpleeg).

Roos, H.M. 2012. *Plaasmoord* deur Karin Brynard. *Tydskrif vir Letterkunde*, 49(1):178–80.

Roux, J.B. 2015. Dié Icarus fladder nie ver nie. Netwerk24, 12 April. https://www.netwerk24.com/netwerk24/die-icarus-fladder-nie-ver-nie-20150412 (22 Julie 2025 geraadpleeg).

Salmi, H. 2024. Textuality as amplification: Reconsidering close reading and distant reading in cultural history. *Rethinking History*, 28(2):261–77. https://doi.org/10.1080/13642529.2024.2360318.

SANB. S.j. About the National Library of South Africa. https://www.nlsa.ac.za/about-us (14 Mei 2023 geraadpleeg).

Suid-Afrika. 1998. Wet op die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika. *Staatskoerant van die Republiek van Suid-Afrika*, 2 November. https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/201409/a92-980.pdf (1 Junie 2023 geraadpleeg).

Symons, J. 1972. *Bloody murder. From the detective story to the crime novel: a history*. Londen: Faber & Faber.

Terblanche, E. 2024. Rudie van Rensburg (1951–). LitNet, 22 Februarie. https://www.litnet.co.za/rudie-van-rensburg-1951 (15 Junie 2025 geraadpleeg).

Van Coller, H.P. (red.). 2016. *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis* (Deel 3). 2de uitgawe. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Van der Waal, M. 2017. *13 uur* van Deon Meyer in gesprek met merkers van sosiale identiteit in 'n stedelike konteks: Om in Kaapstad tuis te voel. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 24(1):53–68.

Van Heerden, N. 2018. Misdaadfiksie en die literêre kanon in Afrikaans: 'n ondersoek na aanleiding van die romans van Deon Meyer. Doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria. http://hdl.handle.net/2263/65615.

—. 2023. Die spanningsverhaal: 'n Teoretiese beskouing en bespreking van drie voorbeelde in Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63:327–45. http://dx.doi.org/10.17159/2224-7912/2023/v63n2a9.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n3b2

Van Vliet, H.T.M. 2004. Varianten en correcties: de geschiedenis van de moderne editiewetenschap. *Stilet*, 16(2):1–29.

Venter, M.R. 2006. Die materiële produksie van Afrikaanse fiksie (1990–2005) – 'n empiriese ondersoek na die produksieprofiel en uitgeweryprofiel binne die uitgeesisteem. Doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria. http://hdl.handle.net/2263/26989.

Vrystaatse Departement van Sport, Kuns, Kultuur en Ontspanning. S.j. NALN: Geheue van die Afrikaanse woorderfenis in letterkunde, musiek, toneel. https://www.sacr.fs.gov.za/?page_id=4017 (16 April 2023 geraadpleeg).

## Eindnotas

[1] Hoewel die vakgebied soms as *boekgeskiedenis* bekend staan, sluit dit nie net historiese perspektiewe op die boekbedryf in nie, maar ook eietydse verskyningsvorme. *Boekwetenskap* word ook soms as noemer gebruik vir hierdie interdissiplinêre en hibridiese vakgebied (sien Roos, aangehaal in Venter 2006:56), maar in die huidige artikel word *boekstudie* as die voorkeurterm ingespan.

[2] Ondanks voornemens om die PDAF as deel van 'n opvolgprojek beskikbaar te stel (Venter 2006:447), was die PDAF nie ten tye van die skryf van hierdie artikel in die openbare domein bekombaar nie. Rudi Venter het egter goedgunstiglik 'n uittreksel daaruit – spesifiek die gedeelte wat handel oor die produksiekategorie Riller-Spanning-Speur – ter illustrasie met my gedeel.

[3] Alhoewel LAPA – voorheen onder die vaandel van die ATKV – in Februarie 2020 deur Penguin Random House Suid-Afrika (Edms.) Bpk. oorgekoop is, word LAPA steeds as outonome druknaam bedryf. Vir die doeleindes van hierdie profiel word LAPA dus as aparte entiteit gehanteer.

[4] Beide die SANB en NALN is wat as pligleweringsinstansies bekend staan. *Pliglewering* verwys na die wetlike vereiste wat aan uitgewers gestel word om 'n bepaalde aantal eksemplare van elke boek wat in Suid-Afrika uitgegee word (en waaraan 'n ISBN toegeken is), aan 'n aangewese biblioteek te lewer. Hoewel alle uitgewers dus verplig word om eksemplare van elkeen van hul publikasies aan pligleweringsbiblioteke beskikbaar te stel, gebeur dit nie altyd tydig nie.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n3b2

## Bylaag

## Verkorte bibliografie van Afrikaanse misdaadfiksie vir die tydperk 2013–2022

| Skrywer | Titel | Jaar | Plek | Uitgewer | Aantekeninge |
|---|---|---|---|---|---|
| Adriaanse, Wilna | *Dubbelspel* | 2014 | Kaapstad | Tafelberg (NB) | Ellie McKenna-tweeluik, nr. 1; misdaadfiksiedebuut; in Engels beskikbaar as *Blindside* |
| Adriaanse, Wilna | *Eindspel* | 2015 | Kaapstad | Tafelberg (NB) | Ellie McKenna-tweeluik, nr. 2; volg op *Dubbelspel*; heruitgegee in 2017 deur Human & Rousseau |
| Adriaanse, Wilna | *Vlug* | 2021 | Kaapstad | Tafelberg (NB) | |
| Agrella, Julio | *Zeus van Wyngaardt en die godin van die jag* | 2021 | Pretoria | Protea Boekhuis | Zeus van Wyngaardt-reeks, nr. 1; debuut |
| Agrella, Julio | *Zeus van Wyngaardt en die skrikgodin* | 2022 | Pretoria | Protea Boekhuis | Zeus van Wyngaardt-reeks, nr. 2 |
| Aslett, Duane | *Skoppensboer: ’n Rex Reynecke-roman* | 2014 | Kaapstad | Queillerie (NB) | Rex Reynecke-reeks, nr. 1; debuut |
| Aslett, Duane | *Goudduiwel* | 2016 | Kaapstad | Queillerie (NB) | Rex Reynecke-reeks, nr. 2 |
| Barnard, Hannes | *Die wet van Gauteng* | 2022 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | |
| Beukes, Herman | *Meisie van Mont Blanc* | 2017 | Centurion | Kwarts Uitgewers | Afrikaanse fiksiedebuut |
| Beukes, Herman | *Dag van wraak* | 2018 | Centurion | Kwarts Uitgewers | |
| Beukes, Herman | *Bloedspoor* | 2019 | Centurion | Kwarts Uitgewers | |
| Beukes, Herman | *Swart Diamant* | 2020 | Centurion | Kwarts Uitgewers | |
| Bezuidenhout, Zelda | *Die waarde van stil bure* | 2021 | Kaapstad | Kwela (NB) | mediese spanningsroman |
| Bloemhof, François | *Moord in die beloofde land* | 2013 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | |
| Bloemhof, François | *Pad na jou hart: vind jou ware noord* | 2013 | Kaapstad | Jasmyn (NB) | verwerking van draaiboek deur Ivan Botha en Donnalee Roberts; bevat foto's |
| Bloemhof, François | *Doodskoot* | 2016 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | in Engels beskikbaar as *Double Echo* |
| Bloemhof, François en Rudi Steyn (regisseur) | *Die duisend en eerste nag* | 2021 | Pretoria | LAPA | interaktiewe “lees-luister-en-kyk-ervaring” met webwerf; bevat illustrasies |
| Bloemhof, François | *Die duiwel maak my hart so seer* | 2021 | Pretoria | LAPA | Ludo Labuschagne-reeks, nr. 1 |
| Bloemhof, François | *Kry vir jou!* | 2022 | Pretoria | LAPA | Ludo Labuschagne-reeks, nr. 2 |

| **Skrywer** | **Titel** | **Jaar** | **Plek** | **Uitgewer** | **Aantekeninge** |
|---|---|---|---|---|---|
| Breytenbach, Dibi | *Saliger* | 2015 | Pretoria | LAPA | debuut |
| Breytenbach, Dibi | *Vrediger* | 2016 | Pretoria | LAPA | |
| Breytenbach, Dibi | *Heiliger* | 2017 | Pretoria | LAPA | |
| Breytenbach, Dibi | *Dowe gode* | 2018 | Pretoria | LAPA | |
| Breytenbach, Dibi | *Blinde gode* | 2019 | Pretoria | LAPA | |
| Breytenbach, Dibi | *Stom gode* | 2020 | Pretoria | LAPA | |
| Breytenbach, Dibi | *Buit* | 2022 | Kaapstad | Kwela (NB) | |
| Breytenbach, Henk | *Kodenaam Icarus* | 2015 | Pretoria | LAPA | Vic Nel-reeks; nr. 1; Henk Breytenbach is die broer van Dibi, ook ’n misdaadskrywer |
| Breytenbach, Henk | *Moordlys* | 2016 | Pretoria | LAPA | Vic Nel-reeks; nr. 2 |
| Breytenbach, Henk | *Kroonwild* | 2021 | Pretoria | Wenkbrou (LAPA) | |
| Breytenbach, Kerneels | *Ester* | 2014 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | |
| Breytenbach, Kerneels | *Hond se gedagte* | 2019 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | |
| Breytenbach, Malene | *Skadumagte* | 2020 | Pretoria | LAPA | |
| Brynard, Karin | *Tuisland* | 2016 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | in Engels beskikbaar as *Homeland* |
| Cantoni, Ina | *Die perfekte trofee* | 2019 | Margate | Malherbe Uitgewers | misdaadfiksiedebuut |
| Charles, Naadiah | *Beplande wraak* | 2019 | Margate | Malherbe Uitgewers | debuut |
| Cloete, Rika | *Doodsroeper* | 2017 | Pretoria | LAPA | historiese moordraaiselroman |
| Cloete, Rika | *Skadukant* | 2020 | Kaapstad | Kwela (NB) | huishoudelike noir |
| Coetzee, Olivia M. | *Innie shadows* | 2019 | Kaapstad | Modjaji Books | |
| Combrinck, Karin | *Deur water en vuur* | 2018 | Kaapstad | Lux Verbi (NB) | Christelike inslag; romantiese elemente |
| Cornelius, Leon | *Renostersspruit* | 2018 | Waterkloof | Mar-Leo Publiseerders | |
| Cornelius, Leon | *Die swart wittebrood* | 2021 | Margate | Malherbe Uitgewers | |
| Cornelius, Leon | *Duistere jagtog* | 2022 | Margate | Malherbe Uitgewers | |
| Crous, Johan | *Verwronge wraak* | 2016 | Brackenfell | Johan Crous | romantiese speurverhaal; interaktiewe weergawe; slegs as e-boek beskikbaar |

| Skrywer | Titel | Jaar | Plek | Uitgewer | Aantekeninge |
|---|---|---|---|---|---|
| Crous, Johan | *Vergelding: romantiese weergawe* | 2017 | Monumentpark | Mar-Leo Publiseerders | "reeksmoord-wiewassit-verhaal" (Johan Crous, amptelike webwerf); slegs as e-boek beskikbaar |
| De Vos, Beyers | *Wrok: 'n roman* | 2018 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | Debuut |
| Diedericks, Erla-Mari | *Dominique* | 2021 | Pretoria | Wenkbrou (LAPA) | misdaadfiksiedebuut; huishoudelike noir en erotiese riller; "Nie vir sensitiewe lesers nie" (omslag) |
| Diedericks, Erla-Mari | *Die Bewonderaar* | 2022 | Pretoria | Wenkbrou (LAPA) | "Nie vir sensitiewe lesers nie" (omslag) |
| Diedericks-Hugo, Carina | *Karaktermoord* | 2019 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | misdaadfiksiedebuut |
| Du Plooy, Heilna | *Die taal van been* | 2016 | Somerset-Wes | Litera Publikasies | prosadebuut |
| Du Toit, Wynand | *S-98: duikboot sonder grense* | 2017 | Roodeplaat | Groep 7 Drukkers en Uitgewers | fiksiedebuut; spioenasiefiksie |
| Du Toit, Wynand | *Pelindaba protokol: die asem van Allah: 'n verhaal gebore uit die Suid-Afrikaanse kernwapenprogram* | 2018 | Roodeplaat | Groep 7 Drukkers en Uitgewers | |
| Engelbrecht, Theunis | *Papegaaislaai: 'n rowwe roman* | 2014 | Kaapstad | Umuzi (Penguin) | misdaadfiksiedebuut; satiriese roman |
| Erasmus, Lerina | *Die leliemoordenaar* | 2016 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | misdaadfiksiedebuut |
| Erasmus, Lerina en François Bloemhof (medeskrywer) | *Sondes van die vaders* | 2019 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | volg op *Die leliemoordenaar*; roman is ná die skrywer se dood in Augustus 2018 deur François Bloemhof afgerond |
| Foster, Bennie | *Drommedaris* | 2018 | George | Kreativ SA | debuutroman; mitologiese en spirituele inslag |
| Fouché, Jaco | *Aanspreeklikheid: 'n roman* | 2020 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | naaswenner van NB-uitgewers se Groot Afrikaanse Romanwedstryd, 2018 |
| Fourie, Johan | *Spoor van die perlemoenstropers* | 2013 | Kaapstad | Naledi | |
| Fourie, Johan | *Baäl se jag* | 2018 | Margate | Malherbe Uitgewers | |
| Fourie, S.D. | *Die dooies leef* | 2014 | Kaapstad | Naledi | |
| Gilroy, Sidney | *Klikbek* | 2019 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | debuut |
| Gilroy, Sidney | *Middernag* | 2020 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | |

| Skrywer | Titel | Jaar | Plek | Uitgewer | Aantekeninge |
|---|---|---|---|---|---|
| Gilroy, Sidney | *Vlam* | 2022 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | |
| Greyvensteyn, Gerhard | *Die Seepunt-insident: ’n Vos-en-Deventer-storie* | 2021 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | |
| Griffiths, Miles | *Moord met voorbedagte rade: Gwyn Davies word mens* | 2020 | Roodeplaat | Groep 7 Drukkers en Uitgewers | debuut |
| Haasbroek, Hannes | *Woudfontein* | 2015 | Kaapstad | Umuzi (Penguin) | debuut |
| Hamersma, Elsa | *Die mense langsaan* | 2017 | Pretoria | LAPA | huishoudelike noir |
| Hamersma, Elsa | *Bloedfamilie* | 2020 | Pretoria | LAPA | huishoudelike noir |
| Hermann, Dirk | *Begrond* | 2015 | Centurion | Kraal Uitgewers (AfriForum) | fiksiedebuut |
| Heydenrych, Anel | *Malhuis* | 2016 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | eroties-sielkundige riller |
| Heydenrych, Anel | *Die afloerder* | 2020 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | spanningsverhaal |
| Hofmeyr, Steve | *Die onaantasbares* | 2017 | Kaapstad | Zebra Press (Penguin) | |
| Hofmeyr, Steve | *Die Lucky Strike* | 2018 | Kaapstad | Zebra Press (Penguin) | tweede "Sluiper-riller", volg op *Die onaantasbares* |
| Hofmeyr, Steve | *Die kwesbares* | 2020 | Kaapstad | Zebra Press (Penguin) | volg op *Die onaantasbares* en *Die Lucky Strike* |
| Jansen, André (skuilnaam) | *Dubbelspiraal: roman* | 2018 | Kaapstad | Queillerie (NB) | André Jansen is die skuilnaam van ’n ervare, bedrewe spannings-verhaalskrywer (LitNet 2018) |
| Jansen, Chris | *Hartedief* | 2022 | Margate | Malherbe Uitgewers | |
| Jordaan, Elizabeth | *Dwaalspoor* | 2020 | Margate | Malherbe Uitgewers | |
| Karsten, Chris | *’n Man van min belang* | 2013 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | naaswenner van die Groot Afrikaanse Romanwedstryd, 2012; ATKV-prys vir Goeie Gewilde Prosa, 2014 |
| Karsten, Chris | *Die respektabele meneer Hartslief* | 2014 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | |
| Karsten, Chris | *Die verdwyning van Billy Katz* | 2015 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | Ella Neser-reeks, nr. 4 |
| Karsten, Chris | *Die dood van ’n goeie vrou* | 2016 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | Ella Neser-reeks, nr. 5 |
| Karsten, Chris | *Koms van die motman* | 2017 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | Ella Neser-reeks, nr. 6 |

| Skrywer | Titel | Jaar | Plek | Uitgewer | Aantekeninge |
|---|---|---|---|---|---|
| Karsten, Chris | *Anderman se vrou* | 2019 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | Wim Kellerman-reeks, nr. 2; volg op *Seisoen van sonde* |
| Karsten, Chris | *Die versoeking van Thomas Maas* | 2020 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | Ella Neser-reeks, nr. 7 |
| Karsten, Chris | *Man uit die dode* | 2020 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | Ella Neser-reeks, nr. 8; verskyn eers as krimi-vervolgverhaal op *Netwerk24* |
| Karsten, Chris | *Gerugte van 'n ontvoering* | 2021 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | Ella Neser-reeks, nr. 9 |
| Kemp, Theo | *Strafjaart* | 2019 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | tronkroman |
| Kluyts, André | *Vonken staal* | 2018 | Johannesburg | André Kluyts | Debuut |
| Konrad, Isa | *Diva* | 2013 | Pretoria | LAPA | Janek Baptiste-reeks |
| Konrad, Isa | *Moord op Karibib* | 2016 | Pretoria | LAPA | Karibib-reeks, nr. 1; romantiese spanningsroman |
| Konrad, Isa | *Doodsake op Karibib* | 2018 | Pretoria | LAPA | Karibib-reeks, nr. 2 |
| Konrad, Isa | *Toekomsmens* | 2020 | Pretoria | LAPA | spekulatiewe roman; genomineer vir die ATKV-Woordveertjie Prosaprys; voorgeskryf as Afrikaans Huistaal-boek vir IEB (reklameteks) |
| Konrad, Isa | *Vleisfees op Karibib* | 2022 | Pretoria | LAPA | Karibib-reeks, nr. 3 |
| Krüger, André | *Komplot* | 2015 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | spioenasiefiksie |
| Krüger, André | *'n Redelike hoeveelheid moeilikheid* | 2019 | Pretoria | Wenkbrou (LAPA) | Spioenasiefiksie; herinner aan dié van die skrywer Philip Kerr (reklameteks) |
| Krüger, André | *Geen engel nie* | 2020 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | elemente van spannings- en bildungsroman |
| Kruger, Hester | *Een nag en 'n bietjie: gebaseer op 'n ware verhaal* | 2016 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | gebaseer op 'n ware verhaal (reklameteks) |
| Kruger, Johan | *Die formidabele Ling-Ho* | 2016 | Kaapstad | Umuzi (Penguin) | |
| Kruger, Johan | *Vermoedelik dood* | 2020 | Pretoria | Protea Boekhuis | |
| Krüger, Louis | *Die verleiding van Eva de Winter* | 2022 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | |
| Krynauw, Marsofine | *La Mirage-moorde* | 2019 | Margate | Malherbe Uitgewers | debuutroman |
| Krynauw, Marsofine | *Die glans van wraak* | 2020 | Margate | Malherbe Uitgewers | |
| Krynauw, Marsofine | *Hofsaak van die dood* | 2022 | Margate | Malherbe Uitgewers | |

| Skrywer | Titel | Jaar | Plek | Uitgewer | Aantekeninge |
|---|---|---|---|---|---|
| Linde-Loubser, Henriëtte | *Plek van poue* | 2020 | Pretoria | LAPA | debuutroman; gotiese roman |
| Loots, François | *In sneeu geskryf: 'n roman* | 2015 | Kaapstad | Umuzi (Penguin) | handel oor die "Sizzler's-moorde" in 2003 in Kaapstad |
| Loots, François | *'n Spook in die huis* | 2019 | Kaapstad | Umuzi (Penguin) | betrek die Shrien Dewani-moordsaak |
| Lotz, Marie | *Roofdier* | 2021 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | |
| Lotz, Marie | *Polsslag* | 2022 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | |
| Louw, Adriaan J. | *Die geheim van Pine Creek* | 2018 | Margate | Malherbe Uitgewers | Debuut |
| Malan, Hennie | *Bloedmaan* | 2017 | Margate | Malherbe Uitgewers | debuut; heruitgegee in 2022 as *Die maan huil bloed* |
| Malan, Hennie | *Jou hart is myne* | 2019 | Margate | Malherbe Uitgewers | |
| Malan, Morné | *Wildekus* | 2021 | Pretoria | LAPA | |
| Marais, Paula | *Skaduself* | 2014 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | |
| Marnewick, Chris | *In die laksman se skoot* | 2016 | Pretoria | Protea Boekhuis | Afrikaanse verwerking van *Shepherds & butchers*, wat in 2009 bekroon is met UJ-prys vir beste debuutwerk in kreatiewe fiksie en SALA se K. Sello Duiker-prys; ook as rolprent beskikbaar |
| Marnewick, Chris | *Redelike twyfel* | 2018 | Pretoria | Protea Boekhuis | Misdaadroman |
| Marx, Franz | *Spieëlbeeld* | 2017 | Pretoria | Protea Boekhuis | Spanningsroman |
| Meyer, Deon | *Kobra* | 2013 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | |
| Meyer, Deon | *Die ballade van Robbie de Wee en ander verhale* | 2015 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | Kortverhaalbundel |
| Meyer, Deon | *Ikarus* | 2015 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | |
| Meyer, Deon | *Koors: die memoires van Nicolaas Storm, oor die ondersoek na die moord op sy pa* | 2016 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | |
| Meyer, Deon | *Jagveld en ander draaiboeke* | 2017 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | bevat vier van Meyer se draaiboeke |
| Meyer, Deon | *Die vrou in die blou mantel* | 2017 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | geskryf as Geskenkboek vir 2017 se Spannende Boekeweek in Nederland |

| Skrywer | Titel | Jaar | Plek | Uitgewer | Aantekeninge |
|---|---|---|---|---|---|
| Meyer, Deon | *Prooi* | 2018 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | |
| Meyer, Deon | *Donkerdrif* | 2020 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | |
| Meyer, Naomi | *Web* | 2017 | Kaapstad | Queillerie (NB) | Debuut |
| Meyer, Roelof | *Smet: soeke na geregtigheid* | 2019 | Margate | Malherbe Uitgewers | |
| Mouton, Franciska | *Sending: Woestynwolf* | 2019 | Margate | Malherbe Uitgewers | Misdaadfiksiedebuut |
| Mouton, Franciska | *Onwillige skenker* | 2019 | Margate | Malherbe Uitgewers | |
| Mouton, Franciska | *Bloedrooi papawers* | 2020 | Margate | Malherbe Uitgewers | |
| Nel, Jo | *Die hond wat ophou blaf het* | 2018 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | debuut; sielkundige riller |
| Nortje, Erika | *Katjagter: 'n Marion-eiland storie* | 2017 | Stellenbosch | Antarctic Legacy of South Africa (African Sun Media) | debuut; uitgegee deur Antarctic Legacy of South Africa en die skrywer (kolofonblad) |
| Olivier, Henda | *Die goeie suster* | 2020 | Pretoria | LAPA | debuut; huishoudelike noir |
| Paul, Chanette | *Siende blind* | 2013 | Pretoria | LAPA | aangewys as LAPA se Lekkerlit-boek van die jaar, 2013 |
| Paul, Chanette | *Raaiselspieël* | 2014 | Pretoria | LAPA | |
| Paul, Chanette | *Ewebeeld* | 2014 | Pretoria | LAPA | Jojo Richter-reeks, nr. 1; Lekkerlit-boek van die jaar, 2015; finalis in ATKV-Woordveertjies vir Liefdesroman, 2015 |
| Paul, Chanette | *Offerlam* | 2015 | Pretoria | LAPA | Offer-tweeluik; 1 |
| Paul, Chanette | *Offerande* | 2016 | Pretoria | LAPA | Offer-tweeluik; 2 |
| Paul, Chanette | *Paaiboelie* | 2017 | Pretoria | LAPA | Jojo Richter-reeks, nr. 2 |
| Paul, Chanette | *Uit die bloute* | 2018 | Pretoria | LAPA | Jojo Richter-reeks, nr. 3 |
| Paul, Chanette | *Murasie* | 2022 | Pretoria | LAPA | |
| Phillips, Abraham | *Die hart van 'n ma* | 2013 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | Probleemroman |
| Pieterse, Kobus | *Komplot* | 2014 | Centurion | Kwarts Uitgewers | Aanvanklik slegs as e-boek uitgegee, later gedruk |
| Pieterse, Kobus | *Diamonds are for ... ALMAL: bloeddiamante* | 2020 | Margate | Malherbe Uitgewers | |
| Pretorius, Johan | *Donker kelder* | 2015 | Johannesburg | Porcupine Press | |

| Skrywer | Titel | Jaar | Plek | Uitgewer | Aantekeninge |
|---|---|---|---|---|---|
| Putter, Corlie | *Moord en ander inkopies* | 2021 | Strand | Print on Demand | debuut |
| Putter, Corlie | *Moord en ander gaste* | 2021 | Strand | Print on Demand | |
| Putter, Corlie | *Moord en ander speletjies* | 2022 | Strand | Print on Demand | |
| Rautenbach, Jans en Lizelle Rautenbach (illustreerder) | *Gedagtespel: eg Suid-Afrikaanse speurverhaal wat delf in die bonatuurlike* | 2022 | Suid-Afrika | Jans Rautenbach | debuut; bonatuurlike elemente; slegs as e-boek beskikbaar |
| Reichel, Esmé | *Sydney Louw: volume 1* | 2022 | Margate | Malherbe Uitgewers | debuut |
| Richards, Ria | *Hande van 'n monster* | 2020 | Margate | Malherbe Uitgewers | Misdaadfiksiedebuut |
| Roggeband, Ilza | *Noot vir dood* | 2013 | Kaapstad | Queillerie (NB) | Fiksiedebuut |
| Roux-De Jager, Lien | *Gekoopte leuens: met Kalli Krynauw, forensiese psigofisioloog* | 2013 | Pretoria | LAPA | Kalli Krynauw-reeks, nr. 2 |
| Roux-De Jager, Lien | *Slim leuens* | 2014 | Pretoria | LAPA | Kalli Krynauw-reeks, nr. 3 |
| Roux-De Jager, Lien | *Onverwagte leuens* | 2015 | Pretoria | LAPA | Kalli Krynauw-reeks, nr. 4 |
| Roux-De Jager, Lien | *Vergete leuens* | 2016 | Pretoria | LAPA | Kalli Krynauw-reeks, nr. 5 |
| Rust, Madelein | *Die 13de kaart* | 2014 | Pretoria | LAPA | debuut; sielkundige riller |
| Rust, Madelein | *Monstersaad* | 2015 | Pretoria | LAPA | |
| Rust, Madelein | *Bloedlyn* | 2016 | Pretoria | LAPA | |
| Rust, Madelein | *Moordhuis* | 2017 | Pretoria | Protea Boekhuis | |
| Rust, Madelein | *Lam ter slagting* | 2018 | Pretoria | LAPA | |
| Rust, Madelein | *Doodsengel* | 2019 | Pretoria | LAPA | |
| Rust, Madelein | *My naam is Legio* | 2020 | Pretoria | LAPA | heruitgegee in 2022 |
| Rust, Madelein | *25 trappe na benede* | 2021 | Pretoria | LAPA | |
| Rust, Madelein | *Moederland* | 2022 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | |
| Saayman, Pieter | *Die eiland* | 2019 | Centurion | Malherbe Uitgewers | Elemente van romans |
| Saayman, Pieter | *Die hospitaal* | 2020 | Centurion | Malherbe Uitgewers | |

| Skrywer | Titel | Jaar | Plek | Uitgewer | Aantekeninge |
|---|---|---|---|---|---|
| Saayman, Pieter | *Beurtkragmoord* | 2020 | Margate | Malherbe Uitgewers | |
| Saayman, Pieter | *Die onderhoud* | 2021 | Margate | Malherbe Uitgewers | |
| Saayman, Pieter | *Soet soos sjokolade* | 2021 | Margate | Malherbe Uitgewers | |
| Saayman, Pieter | *Losprys* | 2022 | Margate | Malherbe Uitgewers | |
| Schoombie, Schalk | *Rooi haring: 'n speurroman* | 2017 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | |
| Schuurman, Pieter | *Moord kwadraat* | 2019 | Margate | Malherbe Uitgewers | |
| Schuurman, Pieter | *Mesmoordenaar* | 2019 | Margate | Malherbe Uitgewers | |
| Septembir, Sjaka S. (skuilnaam) en Swart Streep (illustreerder) | *Die avonture van Bal-oog en Brommel: moord in Ixiastraat* | 2017 | Kaapstad | Swart Septembir | Bal-oog en Brommel, nr. 1; grafiese roman; Karl Gröger skryf onder die skuilname: Sjaka S. Septembir, dr. Adam Chaos, Swart Septembir, Jan Afghanistan, Diamandt Wolf, Max Lombard, Soekie, Xray (NALN) |
| Smith, Bets | *Bloedspoor* | 2014 | Pretoria | LAPA | Bloedspoor-tweeluik, nr. 1 |
| Smith, Bets | *Kringloop* | 2018 | Pretoria | LAPA | Bloedspoor-tweeluik, nr. 2 |
| Smith, Bets | *Dooiegety* | 2019 | Pretoria | LAPA | |
| Smith, Bets | *Rooigety* | 2022 | Pretoria | LAPA | volg op *Dooiegety* |
| Smith, Johan Jack | *Zola: 'n roman* | 2019 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | gelyktydig in Afrikaans en Engels uitgegee |
| Sonnekus, Neil | *Seun* | 2017 | Johannesburg | Jacana | debuut; postapartheid roman; verskyn in Engels verskyn as *Son* |
| Spruyt, Marie | *Stillewe* | 2021 | Pretoria | LAPA | historiese fiksie |
| Stals, Jeanette | *Katoog* | 2016 | Pretoria | LAPA | Luna Joubert-reeks, nr. 1; misdaadfiksiedebuut |
| Stals, Jeanette | *Vermis* | 2017 | Pretoria | LAPA | Luna Joubert-reeks, nr. 2 |
| Stals, Jeanette | *Dag drie* | 2018 | Pretoria | LAPA | Luna Joubert-reeks, nr. 3; dwelmgebruik |
| Stals, Jeanette | *Bloedbande* | 2022 | Midrand | LAPA | Luna Joubert-reeks, nr. 4 |
| Stamatélos, Pat | *My groot vet Griekse egskeiding* | 2015 | Kaapstad | Umuzi (Penguin) | humoristies |
| Steinmair, Deborah | *Wenkbrou: 'n raaiselroman* | 2013 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | |
| Steinmair, Deborah | *Moestas: 'n raaiselroman* | 2015 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | |

| Skrywer | Titel | Jaar | Plek | Uitgewer | Aantekeninge |
|---|---|---|---|---|---|
| Steinmair, Deborah | *As jy van moord droom* | 2020 | Pretoria | LAPA | genomineer vir ATKV-Woordveertjie vir spanningslektuur, 2021; gegewens rondom van Gert van Rooyen en Joey Haarhoff-saak dien as sneller |
| Stemmet, Francois | *Mis oor die see* | 2019 | Margate | Malherbe Uitgewers | Mis oor die see-reeks, nr. 1; radiovervolgverhaal |
| Stemmet, Francois | *Mis oor die see II: die ontknoping* | 2020 | Margate | Malherbe Uitgewers | Mis oor die see-reeks, nr. 2; radiovervolgverhaal |
| Steyn, Martin | *Donker spoor* | 2014 | Pretoria | LAPA | debuut; wenner van die ATKV-Woordveertjie vir spanningslektuur |
| Steyn, Martin | *Skuldig* | 2015 | Pretoria | LAPA | |
| Steyn, Martin | *Swartval* | 2016 | Pretoria | LAPA | sielkundige riller |
| Steyn, Martin | *Losprys* | 2018 | Pretoria | LAPA | |
| Strauss, Nicole Jaekel | *As in die mond* | 2017 | Kaapstad | Queillerie (NB) | kortverhaalbundel; wenner van die Jan Rabie/Rapport-prys; gekortlys vir UJ- en WA Hofmeyr-pryse |
| Troskie, Anchien | *Vermis op Allesverloren* | 2014 | Kaapstad | Kwela (NB) | |
| Van den Berg, Zirk | *Tweegevreet* | 2020 | Kaapstad | Kwela (NB) | Siegfried Bock-trilogie, nr. 2 |
| Van der Merwe, Quintus | *Om te lewe, om te sterwe* | 2022 | Kaapstad | Naledi | |
| Van Heerden, Etienne | *Klimtol: 'n roman* | 2013 | Kaapstad | Tafelberg (NB) | |
| Van Niekerk, Calvyn | *Die derde graf* | 2014 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | |
| Van Niekerk, Calvyn | *Die man van Quatro* | 2019 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | aksieverhaal |
| Van Nierop, Leon | *Snydokter* | 2013 | Pretoria | LAPA | produk van LAPA se Hoofkaraktersoektog (in oorleg met reklameagentskap Etiket). |
| Van Nierop, Leon | *Ballade vir 'n enkeling* | 2014 | Kaapstad | Tafelberg (NB) | |
| Van Nierop, Leon | *Stralerjakkers* | 2017 | Kaapstad | Tafelberg (NB) | verwerking van gelyknamige televisiereeks, 1996–2001 |
| Van Nierop, Leon | *Katelknaap: 'n raaiselroman* | 2018 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | |
| Van Nierop, Leon | *Bloedsuier* | 2019 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | |
| Van Nierop, Leon | *Moord op Lake Panic* | 2021 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | |
| Van Rensburg, Johan | *Nommer 28* | 2016 | Pretoria | Johan van Rensburg | geen digitale voorblad; religieuse temas; bendes |

| Skrywer | Titel | Jaar | Plek | Uitgewer | Aantekeninge |
|---|---|---|---|---|---|
| Van Rensburg, Rudie | *Slagyster* | 2013 | Kaapstad | Queillerie (NB) | Kassie Kasselman-reeks, nr. 1 |
| Van Rensburg, Rudie | *Kopskoot* | 2014 | Kaapstad | Queillerie (NB) | Kassie Kasselman-reeks, nr. 2; heruitgegee in 2022 (Queillerie) |
| Van Rensburg, Rudie | *Judaskus* | 2015 | Kaapstad | Queillerie (NB) | Kassie Kasselman-reeks, nr. 3 |
| Van Rensburg, Rudie | *Pirana* | 2016 | Kaapstad | Queillerie (NB) | Kassie Kasselman-reeks, nr. 4; heruitgegee in 2022 (Queillerie) |
| Van Rensburg, Rudie | *Kamikaze* | 2017 | Kaapstad | Queillerie (NB) | Kassie Kasselman-reeks, nr. 5; ATKV-Woordveertjie vir spanningslektuur, 2018 |
| Van Rensburg, Rudie | *Op die spoor van: 'n versameling speurverhale deur topskrywers* | 2017 | Kaapstad | Queillerie (NB) | versameling kortverhale (14 skrywers) |
| Van Rensburg, Rudie (samesteller) | *Ys* | 2018 | Kaapstad | Queillerie (NB) | Kassie Kasselman-reeks, nr. 6 |
| Van Rensburg, Rudie | *Medusa* | 2019 | Kaapstad | Queillerie (NB) | Kassie Kasselman-reeks, nr. 7; heruitgegee in 2022 (Queillerie) |
| Van Rensburg, Rudie | *Vloek* | 2019 | Kaapstad | Queillerie (NB) | Carl Bester-reeks, nr. 1 |
| Van Rensburg, Rudie | *Merk* | 2020 | Kaapstad | Queillerie (NB) | Kassie Kasselman-reeks, nr. 8 |
| Van Rensburg, Rudie | *Hartedief* | 2021 | Kaapstad | Queillerie (NB) | Kassie Kasselman-reeks, nr. 9; ATKV-Woordveertjie vir spanningslektuur, 2021 |
| Van Rensburg, Rudie | *Hans hou sy lyf Sherlock* | 2022 | Kaapstad | Queillerie (NB) | Hans van Kraaienburg-reeks, nr. 4; humoristiese speurverhaal |
| Van Rensburg, Rudie | *Monster* | 2022 | Kaapstad | Queillerie (NB) | Carl Bester-reeks, nr. 2 |
| Van Rooyen, Piet | *Voëlvry* | 2015 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | |
| Van Rooyen, Piet | *Amatola* | 2016 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | spanningsverhaal |
| Van Rooyen, Piet | *By die brandende berg* | 2019 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | |
| Van Rooyen-Wessels, Christelle | *Adder* | 2016 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | Klara Francke-drieluik, nr. 1; debuut; sielkundige riller |
| Van Rooyen-Wessels, Christelle | *Brandmerk* | 2020 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | Klara Francke-drieluik, nr. 2; riller |
| Van Rooyen-Wessels, Christelle | *Om beter te kan moor* | 2022 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | Klara Francke-drieluik, nr. 3 |
| Van Staden, Peet | *Krake* | 2014 | Kaapstad | Tafelberg (NB) | |

| Skrywer | Titel | Jaar | Plek | Uitgewer | Aantekeninge |
|---|---|---|---|---|---|
| Van Zyl, Arnold en Evelyn D. van Zyl (Illustreerder) | *Onheilspellende maansverduistering: sommige dinge is kortstondig van aard* | 2018 | Margate | Malherbe Uitgewers | Debuut |
| Van Zyl, Elna en Angelique Godfrey (medeskrywer) | *Geheimsinnigheid op Vlakdrif* | 2020 | Margate | Malherbe Uitgewers | Debuut |
| Van Zyl, Irna | *Moordvis* | 2016 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | gelyktydig in Engels as *Dead in the water* uitgegee |
| Van Zyl, Irna | *Gifbeker* | 2018 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | gelyktydig in Engels uitgegee as *Death cup* |
| Van Zyl, Irna | *Bloedsteen* | 2020 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | |
| Van Zyl, Irna | *Op ’n mooi dag* | 2021 | Kaapstad | Penguin Books (Suid-Afrika) | sielkundige riller |
| Van Zyl, René | *Die alfadokument* | 2019 | Pretoria | Wenkbrou (LAPA) | heruitgegee in 2022 (Wenkbrou) |
| Venter, Irma | *Skrapnel* | 2013 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | S-reeks, nr. 2 |
| Venter, Irma | *Sondebok* | 2014 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | S-reeks, nr. 3 |
| Venter, Irma | *Skarlaken* | 2015 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | S-reeks, nr. 4; heruitgegee in 2018 (Human & Rousseau) |
| Venter, Irma | *Sirkus* | 2017 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | S-reeks, nr. 5 |
| Venter, Irma | *Sondag* | 2018 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | S-reeks, nr. 6 |
| Venter, Irma | *Sewe-en-veertig* | 2019 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | S-reeks, nr. 7 |
| Venter, Irma | *Minder as niks* | 2021 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | |
| Venter, Irma | *Die verkeerde vrou* | 2022 | Kaapstad | Tafelberg (NB) | |
| Venter, Peet | *Ou bloed* | 2013 | Pretoria | LAPA | Thys Krige-reeks, nr. 2 |
| Venter, Peet | *Waar boosheid broei* | 2014 | Pretoria | LAPA | Thys Krige-reeks, nr. 3 |
| Venter, Peet | *Lem* | 2015 | Pretoria | LAPA | |
| Venter, Peet | *Plasenta* | 2015 | Pretoria | LAPA | Thys Krige-reeks, nr. 4 |
| Venter, Peet | *Brand* | 2017 | Pretoria | LAPA | Thys Krige-reeks, nr. 5 |
| Venter, Peet | *Soos ’n diep waterkuil* | 2018 | Pretoria | LAPA | Jaap Boel-reeks, nr. 1 |
| Venter, Peet | *Die dooies praat nie* | 2020 | Pretoria | LAPA | Thys Krige-reeks, nr. 6 |
| Venter, Peet | *Een vir een* | 2021 | Pretoria | LAPA | Fritz Hartzer-reeks, nr. 1 |

| Skrywer | Titel | Jaar | Plek | Uitgewer | Aantekeninge |
|---|---|---|---|---|---|
| Vermeulen, Jan | *Die vyfde Aspoester* | 2018 | Pretoria | LAPA | Olaf Demeyer-reeks, nr. 1; volwassenefiksiedebuut |
| Vermeulen, Jan | *Ondier* | 2019 | Pretoria | LAPA | Olaf Demeyer-reeks, nr. 2 |
| Vermeulen, Jan | *Spieëltjie, spieëltjie* | 2021 | Pretoria | LAPA | Olaf Demeyer-reeks, nr. 3 |
| Viljoen, Fanie | *Prooi* | 2015 | Pretoria | LAPA | volwassenefiksiedebuut |
| Viviers, Tinus | *Unwabu* | 2019 | Suid-Afrika | Tinus Viviers | |
| Viviers, Tinus | *Dryfveer* | 2020 | Suid-Afrika | Tinus Viviers | |
| Viviers, Tinus | *Bloedspoor* | 2021 | Pretoria | Protea Boekhuis | |
| Wester, Henk (skuilnaam) | *Gesnap* | 2018 | Margate | Malherbe Uitgewers | |
| Wester, Henk (skuilnaam) | *Die reiniger: 'n speurverhaal* | 2019 | Margate | Malherbe Uitgewers | |
| Winterbach, Ingrid | *Vlakwater* | 2015 | Kaapstad | Human & Rousseau (NB) | |
| Wolmarans, Jaco | *Bos* | 2019 | Kaapstad | Tafelberg (NB) | Tex Texeira-reeks, nr. 1; debuut |
| Wolmarans, Jaco | *Skag: sand verberg alle euwels* | 2020 | Kaapstad | Tafelberg (NB) | Tex Texeira-reeks, nr. 2 |
| Wolmarans, Jaco | *Ivoor* | 2021 | Kaapstad | Tafelberg (NB) | Tex Texeira-reeks, nr. 3 |
| Wyngaard, Bettina | *Vuilspel* | 2013 | Kaapstad | Umuzi (Penguin) | Nicci de Wee-reeks, nr. 1 |
| Wyngaard, Bettina | *Slaafs* | 2016 | Kaapstad | Umuzi (Penguin) | Nicci de Wee-reeks, nr. 2 |
| Wyngaard, Bettina | *Jagter* | 2019 | Kaapstad | Umuzi (Penguin) | Nicci de Wee-reeks, nr. 3 |